Die Geloof Wat Eenmaal Aan Die Heiliges Oorgelewer Is

Baie dankie. Goeienaand, vriende. Goeiemiddag, liewer. Ek raak altyd deurmekaar daarmee. In Kentucky is hierdie aand. Ek hoop nie daar's iemand van Kentucky af hier, om my dit te hoor sê nie, maar ons is gelukkig om hier te wees in die diens van die Here Jesus Christus.

2 Dis altyd 'n voorreg om met mense te praat. Ek hou daarvan om dit te doen. Daar's nie . . . [Leë kol op band—Red.] Agter die verhoog, wel, waar hierdie beroemde lied geskryf is. Paul Rader was altyd die pastoor daar, na Broer Rediger. Ek het daaragter gestaan, en dit was net na die diens, en daar's soveel mense daar dat ek nie kon uitkom nie, so hulle het my net heen-en-weer laat rondloop in die gebou.

So daar was 'n man wat daar na agtertoe gekom het. Hy het gesê: "Sê, Broer Branham."

Ek het gesê: "Ja, meneer."

Hy het gesê: "Goeiste, jy het verskriklike taalgebruik."

En ek het gesê: "Ja, meneer. Ek weet dit."

En hy het gesê—hy het gesê: "Jy gebruik van die vreeslikste woorde." Gesê: "Jy verwoes regtig die—die—die . . . vermoor Engels."

En ek het gesê: "Ja, meneer." Ek het gesê: "Ek's bewus daarvan."

Hy het gesê: "Wel, die mense voor wie jy praat," gesê: "jy behoort jou te skaam vir daardie taalgebruik."

Ek het gesê: "Ek is, maar dit help my niks. Ek weet net nie van beter nie."

En hy het gesê: "Wel," hy het gesê . . .

3 Ek het gesê: "Toe ek 'n seun was, het my vader gesterf. Ek het tien kinders gehad om voor te sorg, en ek moes werk en my ma en die kinders onderhou. Toe, na die Here my uitgestuur het, wel, het ek—het ek nie 'n kans gehad nie."

4 En hy het gesê: "O, dis nou geen verskoning nie." Gesê: "Jy's 'n man." En hy het 'n paar regte woorde gebruik. Ek het nie geweet waarvan hy praat nie. So hy het gesê: "Wel," gesê: "daar's nie nou enige verskoning meer nie." Gesê: "Jy behoort nou beter te vaar as dit."

Ek het gesê: "Wel," ek het gesê: "ek is net so besig om vir die siek mense te bid en dinge goed," ek het gesê: "ek . . . "

Gesê: "Jy kan 'n korrespondensie neem."

En ek het gesê: "Wel, dis waar," maar ek het gesê: "ek het net nie die kans om dit te doen nie."

5 Hy het gesê: "Die vreeslikste woorde." Gesê, 'n bai-. . . gesê: "Hier's een wat jy veral vanaand gemaak het." Gesê: "Jy het gesê: 'Al die mense wat nou oor hierdie polpit [Afrikaans: "preekstoel."—Vert.] gaan sal. . . '" Hy het gesê: "Jy moet dit nooit sê nie."

Ek—ek het niks daarmee verkeerd gesien nie. Wel, ek het gesê: "Wat is verkeerd met oor die polpit loop?"

Hy het gesê: "Jou gemeente sou jou meer waardeer as jy 'pulpit' gesê het in plaas van 'polpit.'" Uh-huh.

6 Ek het gesê: "Wel, broer, ek wil jou sê wat. Dis in die haak." Ek het gesê: "Daardie mense gee nie om of ek 'pulpit' of 'polpit' sê nie. Hulle wil hê ek moet die regte soort lewe lei en voortbring waaarvan ek praat. Dis waarvan hulle praat. Dis die hoofsaak." Ek het gesê: "Niemand van hulle is so verhewe dat hulle nie verstaan wat ek sê nie. Hulle sal dit op 'n manier uitmaak. Hulle kan. . . "

7 Dis—dis. . .So verskoon asseblief my—my taalgebruik. Dis nie baie goed nie, maar ek. . .Baiekeer in die Woord. . .Ek—ek hou daarvan om oor die Woord te praat. Ek weet nie te veel Daarvan af nie, maar ek—ek hou daarvan om Daaroor te praat. Ek's. . .Ek ken die Outeur Daarvan baie goed, so dis die hoofsaak, nie waar nie? As ek die Outeur ken; so Hy's wonderlik vir my. Hy het my gered deur Sy genade, en ek's so bly daaroor vandag.

8 Gewoonlik op Sondagmiddag, word dit vir my gegee om te—te praat en net te preek of wat ook al reg lyk om te doen. So ek's nie—nie 'n prediker nie. Ek's net soort van 'n, wat jy noem, 'n spaarwiel. Julle weet, jy gebruik dit wanneer jy 'n papwiel het. Ons het geen pap wiel nou nie. So ons. . .Ek wou sien waar Dr. Vayle is. Ons het nie—ons het geen papwiel nie, maar ek's steeds net 'n pap wiel, hy's die. . .

9 Net om 'n bietjie te praat oor ons Here. Ek het Hom lief en die middagdienste op 'n Sondag word gewoonlik oorgegee aan sendingsake, sending-offerandes ensovoorts, wat ons geld bymekaar maak, en sodra ons genoeg kry, gaan ons weer oorsee na die—na die mense toe wat Christus so desperaat nodig het, wat nog nooit een keer van Hom gehoor het nie.

10 Arme klein duisende en duisende klein kindertjies daar oorkant, wat niks van God af weet nie, en honger, en hulle het net soveel reg om van Jesus te hoor as wat my babatjie en jou babatjie het, net dieselfde reg. Jesus het net dieselfde vir hulle gesterf as wat Hy het vir—vir ons kinders, en ou Broer Bosworth hier, my dierbare ou liefdevolle vader in die Evangelie, selfs hier op

die ouderdom van vyf-en-sewentig of ses-en-sewentig jaar oud wil steeds die res van sy dae spandeer op die slagveld oorkant in Afrika.

11 Daar's net 'n groep van Chicago wat my net in die hande gekry het en gesê het as ek dit sou aanvaar, sou hulle die Chicago Evangelie Tabernakel koop, lugversorging daarin sit, en dit heeltemal oorbou en die binnekant en alles, 'n nuwe groot huis daarbo in Chicago Heights koop, as ek net die—die pastoor daar sou wees dat wanneer ek terugkom in die nasie, en ek dit net sou aanvaar om 'n pastoor te wees, en Broer Bosworth laat saamkom as my hulppastoor.

12 Ek het gesê: "Broer, dis regoor die Verenigde State, maar ons kan tog niks aanvaar tot Jesus Christus 'Ja' gesê het nie." Ek het gesê: "Na . . . " En ons het met Broer Bosworth daaroor gepraat.

Hy het gesê: "Hoe kan ek ook 'n pastoor wees, Broer Branham, wanneer ek daardie roepstem van oor die see hoor kom?"

13 Jy's net nie dieselfde as jy ooit daar oorkant kom en sien wat dit is nie. Nou, ek—ek bedoel dit, en ek's—en ek's 'n Amerikaner. Ek is hier in Amerikaans . . . Amerika gebore. Ek het vier of vyf broers in die laaste oorlog gehad. Ek het 'n seun wat hier ingaan, op hierdie oomblik. En toe ek in Frankryk en Duitsland was, het ek oor die grafte van baie dooie Amerikaners, 'n Branham, liewer, geloop, wat hulle lewe gegee het onder die sterre en strepe. Myne daar moes lê vir die saak, sou ek dit graag neerlê.

14 Maar as daar ooit 'n plek was wat sendelinge nodig gehad het, is Amerika. Dis reg. Waar. Verste weg van God af, waarvan ek weet, is die Verenigde State. Dis . . . Ek sê dit met respek as 'n Amerikaner. Dis . . . Ons is so opgevoed en geleer en soveel goed reg in ons skote gegooi, ons weet nie hoe om God te vertrou nie, weet nie genoeg . . .

15 Ons net eenvoudig . . . En jy gaan in 'n gemeente in. Hierdie een sê: "Wel . . . " Nou, in die aand, selfs in hierdie handjievol mense, sit jy hier en jy voel een *hier* en *hier* en *hier* en *hier* kom, net oral, mense, een wat *hierdie* dink, en een wat *daardie* dink. Wel, ek weet waaraan hulle dink. Ek weet beslis. God openbaar dit. En een van hulle wat sê: "Wel, Doktor *So-en-so* het gesê dis verstandstelepatie." Hierdie een sê: "Wel, hy's 'n spiritualis." En hierdie een sê: "Dis 'n duiwel." Dis waarom die Heilige Gees nie kan beweeg nie. Julle sien? Dit moet eendragtig wees. Sien? Moet eendragtig wees, en dan sal God se seëninge en krag op Sy mense uitstort. Tot ons dit kan kry, veg ons eintlik maar teen die lug. Dis baie moeilik, baie moeilik, en dit—dit maak jou amper dood.

16 Nou, ek, in prediking, preek ek gewoonlik nie langer as vyf ure op 'n slag nie, so dit sal nie baie lank neem nie, so . . . En party van hulle het gesê dat ek net begin praat het, en ek weet net nie wanneer om op te hou nie. Maar nou, vanmiddag as julle my sal

verskoon vir 'n paar oomblikke, wil ek 'n teks probeer neem en—en net 'n bietjie met julle praat in terme van die Evangelie.

17 Hierdie is die vyfde week van konstante diens van hierdie soort. Dit help nie dat ek vir jou probeer verduidelik, my Christenvriend, van hoedat die . . . dit werk nie. Jy—jy—jy—jy . . . dit help glad nie . . . jy kan nie daarvan praat nie. En baie mense dink ek's 'n isolasionis. Ek's nie 'n isolasionis nie. Ek is lief vir mense. Julle weet nie hoe graag ek elke individu wil neem en gaan sit en 'n uur of twee met hulle spandeer om te kan praat nie. Ek kan dit nie doen nie, want daar's iets wat gebeur.

18 Wanneer die salwing eers begin kom, elke persoon met wie jy praat, daar is dit. Sien? En nou, omtrent altyd as ek die diens verlaat wanneer ek hier staan, en dit aangaan in die aand, is dit nie erg nie. Ek nooit, ken dan nie eers my eie krag nie; of wanneer ek daar uit is, is dit in die haak. Dis wanneer jy tussen-in kom, net tussen-in, in en uitkom daaruit, onder die salwing . . .

19 Laat ek verduidelik. Laat ek vir julle hierdie wys. Het julle opgelet, profete, digters, of sovoorts word altyd bestempel as neurote? Het julle dit ooit geweet? Die grootste digter wat Amerika . . . wat vir Amerika sy grootste volksliedjies gegee het, reken ek, was—was Stephen Foster, was dit nie? *Ou Mense By Die Huis*, julle weet, *Swanee Rivier*, en al daardie.

20 Ek het nie lank gelede nie, gestaan by My Ou Kentucky Tuiste. Ek is nie ver daarvandaan gebore nie, en ek het my hand op die lessenaar laat rus soos *dit*. Die—die inspirasie na Stephen Foster toe gekom het waar hy *Ou Kentucky Tuiste* geskryf het. Ek het sy foto gesien, en die Engel wat veronderstel was om hom aan te geraak het en hom sy inspirasie te gee ensovoorts. En nadat die gids deurgegaan het, het ek alleen gesit, en ek het gedink: "Mnr. Foster, jy het dit in die kop gehad, nie in die hart nie." Want elke keer wat hy sou skryf, inspirasie kry, 'n lied skryf, sou hy gaan dronk word agterna. Toe uiteindelik, julle weet hoe hy sy lewe beëindig het nadat hy opgegaan het in daardie inspirasie: hy het weer afgekom, 'n bediende geroep, 'n skeermes gevat en selfmoord gepleeg; Stephen Foster se einde.

Ek het gedink aan William Cowper, julle het al van hom gehoor, wat daardie beroemde gesang geskryf het:

> Daar is 'n fontein gevul met bloed,
> Uit Immanuel's aar getrek,
> As sondaars dompel onder die vloed,
> Verloor hulle elk' sondevlek.

21 'n Paar . . . Omrent twee of drie jaar gelede, het ek langs sy graf gestaan in Engeland; sy geskiedenis daar gelees. En William Cowper na hy daardie lied geskryf het, toe hy bo in daardie inspirasie geskryf het; was hy bestempel as 'n neuroot, en toe hy uit daardie inspirasie uitgekom het, het hy 'n huurmotor geneem en 'n rivier probeer kry om selfmoord te pleeg. Hy het nie geweet

waar hy was, wat hy gedoen het of niks nie. Sien? Hy was iewers daarbo.

22 Kyk dis—dis digters. Kyk na profeet: Kyk na Jona toe hy op sy pad na Ninevé was en ’n boot na Tarsis geneem het, en hy . . . God . . . Hy het God verontagsaam, en hy is van die skip afgegooi en ’n walvis het hom ingesluk, en—en hy is teruggebring Ninevé toe, en hy het sy profesie gegee, soveel, met ’n stad die grootte van St. Louis, Missouri, ’n bevolking van meer as ’n miljoen. Party van hulle kon nie eers regter en linkerhand onderskei nie. Maar daardie profeet het deur die strate geloop en sy profesie uitgeskree soos *daardie* tot die mense so bekeer het dat hulle hulle diere met rougewaad beklee het.

23 En toe, toe die inspirasie hom verlaat het, het hy onder ’n wonderboom gaan sit en gebid dat God sy lewe moet neem. Is dit reg? Sien, jy verstaan dit nie. Hy was iewers bo, en terwyl die inspirasie op hom was, goed, maar toe dit hom verlaat het, wat toe? Sien?

24 Kyk na—kyk na Elía, die profeet, wat op die Berg Karmel gestaan het daardie dag en Vuur uit die Hemel geroep het, reën uit die hemel geroep het op dieselfde dag, en toe weggehardloop het in die woestyn in na die inspirasie hom verlaat het oor ’n dreigement van Isébel. In die woestyn ingehardloop en rondgedwaal daarbuite in die woestyn vir veertig dae en nagte, en God het hom gekry. Hy het iewers agter in ’n grot ingekruip. Dit reg? Sien?

25 Help nie om dit te probeer verduidelik nie. Dis net ’n alleen lewe. Sien? Wanneer jy daarin is, is dit nie erg nie, wanneer jy uit is; maar dis om daar tussen-in te kom. Sien? En jy’s net, jy weet nie waar jy is en wat jy doen nie. Waarvan spreek dit? Dit spreek van een ding. Broer, daar’s ’n Land oorkant die rivier. Ons reik op Daarin op ’n manier. Ek weet nie. Ek kan dit nie verduidelik nie. Maar ek weet een glorieryke dag, wanneer ek aan die einde van my reis kom, wat ek sal moet een van hierdie dae, reken ek, as ’n ou man, hoop ek, as Jesus vertoef.

26 Omtrent alle Branhams wanneer hulle baie oud word, kry hulle die verlamming. Nou, my oupa aan my pa se kant, agt-en-negentig en my ouma was ’n honderd-en-tien toe sy gesterf het. En my oupa aan my ma se kant was ses-en-negentig, dink ek was dit, het omtrent drie jaar gelede gesterf. En my ouma het jonk gesterf van kliersiekte toe sy net ’n—’n jong vrou van dertig was. Maar in elk geval, wanneer hulle oud word, bewe hulle almal van verlamming. Ons is senuweeagtig, Iers, gespanne, en ek reken as ek lewe om so oud te word, sal ek ook die verlamming kry wanneer ek oud word.

27 Maar eendag wanneer ek by my laaste pad kom, en ek voel die branders, hulle teen my slaan, en ek weet my tyd is verby, en ek staan langs die oewers van die Jordaan, van die dood, en

ek dit voel inkom op my, wil ek die helm afhaal, dit neerlê op die oewers; ek wil die Evangelieskoene uittrek en hulle neerlê; die ou swaard neem en dit terugdruk in die skede van Ewigheid, my bewerige, skuddende hand opsteek en sê: "Stuur uit die reddingsboot, Vader. Ek kom vanmôre oor."

28 Ek glo Hy sal my daar ontmoet. Ek . . . En dan, wanneer ek opgeneem word, wil ek afkyk na doringruigtes, en heuwels, en leegtes, en slegte plekke, en rowwe plekke, waardeur ek my pad gekap het, deur te leer dat Jesus Christus gister, vandag, en tot in ewigheid dieselfde is. En ek glo Hy sal my op daardie dag ontmoet, nie net vir my nie, maar almal van hulle wat sal nakom in . . . Sy vereistes in hierdie lewe om Hom te aanvaar as jou enigste persoonlike Saligmaker. Mag die Here julle seën.

29 Nou, ek wil 'n Skrifgedeelte lees. My woorde sal faal. God se Woorde sal nooit faal nie. Dis waarom ek in elke diens probeer om 'n deel van God se Woord te lees, want my woorde is net nog 'n mens se woord, maar Sy Woord is Ewig, vir altyd. Hulle kan nie faal nie.

30 En ek het al vantevore hier gepreek, oor 'n klein onderwerpie, en ek het net vandag 'n nuwe idee gekry, wat ek op pad hiernatoe aan gedink het. Ek glo . . . Ek het gelees in die Boek van Judas terwyl ek gewag het, en ek het gedink ek sal die eerste paar verse lees en 'n bietjie met julle daaroor praat. In Judas die 1ste vers lees ons hierdie:

> *Judas, die dienskneg van Jesus Christus, en broer van Jakobus, aan dié wat in God die Vader geheilig is, . . . vir Jesus Christus bewaar, en geroep is:*

Ek wil hê julle moet oplet. Hy rig hierdie nie aan sondaars nie; aan die Uitverkorenes. Sien? Hierdie brief is nie na ongelowiges toe gestuur nie. Nou, luister.

> *Mag barmhartigheid, en vrede, en liefde, vir julle vermenigvuldig word.*
>
> *Geliefdes, . . . ek alle ywer aanwend om aan julle oor ons gemeenskaplike saligheid te skrywe, het ek die noodsaaklikheid gevoel om julle deur my skrywe, te vermaan* om *kragtig te stry vir die geloof* wat *eenmaal aan die heiliges oorgelewer is.*

31 En mag die Here nou Sy seëninge daarby voeg. Ek wil net 'n paar oomblikke praat oor *Die Geloof Wat Eenmaal Aan Die Heiliges Oorgelewer Is*. Ek glo . . . Hoeveel Christene is hierbinne? Steek julle hande op, regoor die gebou, Christene, goed. Hierdie is 'n baie geskikte tyd hiervoor. Ek het gedink sondaars sou buite besig wees om te swem en—en uit wees om te dobbel, ensovoorts, maar Christene sou tog sekerlik na die huis van God toe gekom het.

32 Onse Vader, ons dank U vandag vir genade en barmhartigheid van U Seun, Jesus, Wat deur Sy groot offerande vir ons terug verlos het na God, die Vader. Geliefdes in die boeie van Sy lyding, het Hy ons verlos; en eendag was ons arme, vervreemde Heidene afgesny van God, sonder genade, sonder hoop in die wêreld, afgode dienaars op pad na 'n duiwel se hel, 'n sondaar's graf.

33 En op die regte tyd, het Christus, die lieflike Een, gekom en Self die vorm van sondige vlees aangeneem en is sonde gemaak vir ons. O, daardie groot plaasvervanging: die pragtige Een vir ons lelikes, die heilige Een vir ons die onheiliges, die regverdige Een vir ons sondaars. En God het Hom aanvaar, in soverre dat Hy getuig het met Sy Eie Stem: "Dit is My geliefde Seun. Luister na Hom."

34 En nou is ons, wat eers ver weg was, nadergebring deur die was van die water deur die Woord. En nou, is ons naby God, om selfs seuns en dogters van God genoem te word. Dit is nog nie duidelik wat ons heel aan die einde gaan wees nie, maar ons weet ons sal 'n liggaam soos Syne hê, want ons sal Hom sien soos Hy is.

35 Daardie wonderlike hoop rus in ons, in die wete dat ons eendag nie meer vir die siekes sal bid nie. Daar sal geen siekes meer wees om voor te bid nie. Ons sal nooit 'n preek van bekering preek nie, want daar sal niemand daar wees om te bekeer nie; hulle sal almal volmaak wees.

36 God help ons vandag, terwyl dit dag genoem word. Mag ons die merk van die hoë roeping in Christus nastreef. Stuur nou die Heilige Gees en neem die paar woorde. Ek weet nie wat om te sê nie, maar U het belowe: "As jy jou mond oopmaak, sal Ek dit vul." U het dit nagekom in die laaste twintig jaar van my lewe, en ek bid dat U dit weer vandag sal skenk. Ek weet nie wat hulle nodig het, wat ek nodig het nie, maar U weet, en ek vertrou dit alles toe aan U in die Naam van Jesus Christus, dat U eer sal verkry. Amen.

37 Nou, wil graag net 'n paar, 'n tydjie praat. Ek sal betyds probeer uitkom sodat ons kan—ons kan terugkom vir die diens vanaand. Ons probeer baie hard, en waarlik, Christenvriende, ek weet Florida is 'n moeilike plek om te bereik. Sê my, ek het gesien. . . Regtig, maar een van hierdie dae gaan daar nie meer 'n Florida wees nie. Sy gaan sink, en die goed wat julle nou so aanbid, gaan vergaan.

38 Dis net die Ewige God wat julle kan red, so as jy nie is waar jy dink jy behoort te wees nie, of waar God sê jy behoort wees nie, dis die punt. "Daar is 'n weg wat reg lyk vir die mens, maar die einde daarvan is die weg van die dood."

39 Nou, as Sy dienskneg, moet ek eerlik wees en geen persoon ken behalwe Christus nie. En dan ek—sal ek, soos ek julle gesê het, wat ongeletterd is en nie te veel weet van wat ons die wêreld

se wysheid noem nie, maar ek ken Hom Wat my geroep het en my verlos het uit 'n lewe van sonde. En ek het my geselskap en gemeenskap met Hom. En ek weet wel wat Hy vereis van die Christen, so dis waarom ek vandag, op pad hiernatoe, gedink het ek sou hieroor praat: "om kragtig te stry vir dié geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is."

40 Nou, daar is elkeen van ons, nou, ons is gemeng hierbinne, waarskynlik Protestant, Katoliek, in hierdie honderd-en-vyftig groepie of wat dit ook al hier sou wees: Protestant, Katoliek, Metodis, Baptis, ensovoorts. Ek het niks teen enige van daardie kerke nie, nie 'n ding nie, en God ken my hart. Ek behoort nie aan enige van hulle nie. Ek het net uitgekom, en tog behoort ek aan elkeen van hulle.

41 Hier 'n tyd gelede was ek in Little Rock, Arkansas. Het die verskiklikste berig gehad wat ek ooit in my lewe gehad het. Die verslaggewer het geskryf dat 'n self-betitelde Baptiste prediker, wat die siekes genees het, soveel ambulanse die strate laat—laat blokkeer het, ensovoorts, tot die tremme nie kon beweeg en die busse deur die strate nie. Hulle het my baie goed gery daaroor.

42 Maar in die . . . Daar was 'n ou man wat genees is. Hy was vir baie jare op krukke gewees, het begin styf word, en die volgende dag het hy 'n plakkaat op daardie krukke gehad en in die straat afgeloop: "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid," en net geskree. En so, toe ek Sondag gepreek het, en tydens die preek, het hy opgestaan, hy het gesê: "Sê prediker."

En ek het gesê: "Ja, meneer."

Hy het gesê: "Jy weet, ek verstaan iets nie."

Ek het gesê: "Wat is dit, pa?"

43 Hy het gesê: "Toe ek jou hoor preek het, was ek seker jy's 'n Nasaréner." Hy was ook 'n Nasaréner. Hy het gesê: "Ek was seker jy's 'n Nasaréner." Hy het gesê: "En toe het ek al die Pinkstermense gesien, en toe het ek gedink jy is verseker Pinkster. En nou hoor ek jy sê jy is 'n Baptis." Gesê: "Ek begryp dit nie."

44 Ek het gesê: "Wel, dis maklik, pa, ek's 'n Pinkster Nasareense Baptis," het ek gesê. So dis—dis wat dit is. Ons verteenwoordig net Metodis, Baptis, elke, almal van julle, elkeen. Ons is almal een in Christus Jesus. Maar nou, elkeen van ons wil dink dat ons kerk dié kerk is. Julle behoort dit te doen. Dis presies reg.

45 Nou, omdat ek dit alles verteenwoordig, kom ons gaan terug en vind uit wat "dié geloof" is. Baie mense sê: "Wel, ek gaan nie soontoe nie, want dis teen my geloof. My geloof leer dit nie." Daar is net een geloof. Daar's net een Kerk, een Liggaam. Glo julle dit? Daar's net een Kerk, en jy sluit glad nie aan by daardie Kerk nie. Jy word—jy word gebore in die Kerk in.

46 Ek was by die Branham familie, hierdie komende 6de April, was ek al vier-en-veertig jaar in die Branham familie, en hulle het my nooit gevra om by die familie aan te sluit nie. Sien? Hoekom? Ek is 'n Branham gebore. Ek is 'n Branham deur geboorte, so dit maak my net 'n Branham. Sien? Ek hoef nie by die familie aan te sluit nie, want ek behoort net daaraan. En dis hoe dit is. Jy hoef nie by die Kerk aan te sluit nie. Jy behoort net Daaraan. Dis al. Jy word net Daarin gebore.

47 En wanneer jy gebore word uit die Gees van God, word jy 'n seun van God en 'n dogter van God. En daarsonder, behoort jy dan maar net aan die kerk. Maar wanneer jy wedergebore word, behoort jy aan Christus, en ons moet wedergebore word.

48 Daar's een fundamentele doktrine wat ek glo. Dis Johannes 3. Jesus het vir Nikodemus gesê: "As iemand nie weer gebore word uit water, en uit die Gees nie, sal hy op geen manier in die Koninkryk ingaan nie." Maak nie saak hoe opreg nie, ons opregtheid het niks nie. Gaan vanmiddag af na die Gangesrivier, kyk hoe daardie moeders hulle babatjies vat en hulle daar ingooi, hulle offer aan krokodille om die gode van die Nyl te paai. Julle sal uitvind of hulle. . . Beproef joune eenkeer. Kyk hoe opreg jy is teenoor hulle opregtheid.

49 Gaan in China in en kyk hoe hulle—hulle hulle voete breek en hulleself vermink, en oorkant in Indië steek hulle spiese deur hulle neus, en splinters deur hulle vingers, en lê op spykerbeddens, en sny, party van hulle met hulle hande op soos *daardie*, en maak hulle hande toe tot hulle vingernaels deur die agterkant van hulle hand gegroei het vir soveel as veertig jaar en sê: "Ek sal nooit weer my hand laat sak voor ek rus vir my siel kry nie." Beproef eenmaal jou opregtheid teenoor daardie.

50 Neem 'n groot bak vuur soos *hierdie* en hy moet deur daardie klomp vuur loop, soos *daardie*, om sy gode te behaag ensovoorts. Beproef eenmaal jou opregtigheid teenoor daardie. Sien? En martel en kasty hulleself.

51 Opregtheid het niks daarmee te doen nie. Daar's net een wet wat God vereis het, dat jy wedergebore moet word. Dis reg. As jy nie wedergebore is nie, dan is jy net nie daar nie. Dis al. Ek moes gebore word om 'n mens te kan wees, maak nie saak wat dit was nie, ek moes gebore word. Daar's geen manier om my meganies te maak nie. Ek moes gebore word in. . . om 'n mens te kan wees. Ek moet gebore word om 'n Christen te kan wees. Dis net al. Dis 'n geboorte, 'n werklike geboorte. 'n Mens word lewendig gemaak, 'n nuwe siel kom in.

52 Nou, daar. . . Kom ons gaan terug. As julle nou vir 'n rukkie saam met my reguit in die Skrifte sal kyk, nou, die Skrifte is absoluut die fundamentele waarhede van God.

53 Nou, as ons moet kyk hierna. . . En, ek wil hê, as julle sal, moet julle nou goed luister. Ek mag dalk nie in staat wees om

dit reg bymekaar te sit nie. Ek het net. . . Ek preek net deur inspirasie, en inspirasie is net wanneer jy dit *hier* kry, jy dit gryp en dit uitgee. Dis *hier* oorkant; jou reik uit en kry dit en gee dit uit. Dit mag op die outydse, sassafras manier wees, maar dit sal jou goed doen as jy dit onderhou. Dis reg. Dis wat aan jou ribbes sal vassit en jou vashou. Dit het my gered, en dit sal jou red.

54 Ek nie. . . Iemand het hier gesê, nie lank gelede nie, toe ek amper deur 'n ineenstorting gegaan het. . . Hulle het my op die preekstoel laat bly vir agt dae en nagte sonder om weg te gaan, om vir die siekes te bid. Ek het gesê ek sal vir hulle almal bid. Daar was net omtrent nog drie keer soveel, miskien meer, toe ek gestop het, as wat ek het toe ek begin het, konstante ry, dag en nag aan die gang. Ek het langs die preekstoel geslaap, lemoensap gedrink, en goed, langs die preekstoel gesit. En toe ek uitgekom het, het ek nie geweet waar ek was nie, en ek was uit vir omtrent agt maande soos daardie.

Daarin, het iemand gesê: "Broer Branham, het jy—het jy jou godsdiens gehou gedurende daardie tyd?"

Ek het gesê: "O, nee. Dit het my gehou gedurende daardie tyd. Ek kon dit nie hou nie; dit het my gehou."

55 En dis hoe Jesus Christus is. Hy hou ons. Ons behou Hom nie. Hy hou ons. Dis nie of ek kan vashou nie; dis of Hy vasgehou het of nie. Dis die hoofsaak. Dis wat Hy gedoen het. Wat God vir my gedoen het in Christus, is wat ek is vandag. Dis wat jy is deur—deur God se soewereine genade.

56 Nou, om te kan. . . As jy hier uitgegaan en na jou grond gekyk het, en 'n groot stuk grond was omgeploeg en baie goed voorberei, en daar's iets daarin geplant, die enigste manier wat jy sou weet wat daarin geplant is, is om terug te gaan en die kluite op te lig en daaronder te kyk, en te sien wat die saad is. Jy sal uitvind watter soort oes jy sal kry deur die soort saad wat jy geplant het. Is dit reg?

57 Wel, die Bybel het gesê dat ons gesaai is met die onverganklike Saad van God, onbederfbare. Dit kan nie vergaan nie; God se Woord kan nie vergaan nie. Nou, elke saad sal voortbring van sy soort.

58 Nou, kom ons gaan terug en vind uit vandag in hierdie groot tydperk waarin ons lewe, een van die grootste, donkerste tye van die hele geskiedenis behalwe die donker eeue waaraan ek ooit kan dink, uit die bietjie geskiedenis wat ek gelees het; ons woon nou reg daarin. Wanneer tweeduisend jaar van Christen-onderrigting, en tog het die wêreld twee jaar gelede dertienmiljoen ongelowiges uitgebroei. Hmm. Dink net. Dink daaraan. Die donkerste tyd wat ek nog ooit gesien het.

59 Ons het die heel beste kolleges wat ons nog ooit gehad het. Ons het die heel beste skole wat ons nog ooit gehad het. Ons het sommige van die bes-opgeleide manne wat nog ooit op die

preekstoel gestaan het, en ons het minder Christelikheid as wat die wêreld in jare en jare geken het. Dis waar.

60 Net soos dokters, ons het die beste dokters wat ons nog ooit gehad het. Ons het die beste wetenskap wat ons nog ooit gehad het. Ons het die beste medisyne waarmee ons nog ooit gepraktiseer het. Ons het die beste hospitale wat ons nog ooit geken het, die bes-opgeleide verpleegsters, en het meer siekte as waarvan die wêreld ooit gehoor het, want ons het meer sonde en ongeloof as waarvan die wêreld ooit gehoor het. Dis presies reg.

61 In die dag van wat ons die beskawing noem, het ons onbeskaafd geraak. Ons kies die verkeerde pad daarvoor, sê ek baiekeer. Ek praat nie van die groep met wie ek vanmiddag praat nie; ek praat van die wêreld as geheel. Dis baie makliker om te praat. . . Ek kan 'n kind van agt jaar oud vat en hom Jesus Christus 'n duisend maal gouer laat sien as wat ek 'n man met 'n gr-. . . twee grade van een of ander kollege iewers sal kan. Hy's net so slim. Hy—hy weet dit net alles, en jy kan hom net niks vertel nie, en hy het net sy oortuiging, en hy sal nie—hy sal nie homself verneder nie.

62 Verlossing in Jesus Christus, en die krag van genesing, die krag van God is geen groot verborgenheid nie. Dis iets net reg langs jou. Wel, goeiste. Dis net so maklik soos een, twee, drie. Glo God net. Dis al wat daaraan is. Dis net so eenvoudig.

63 Sê vir jou dogtertjie jy gaan vir haar iets kry. Sy glo dit net. Dis al. Kyk na kinders wanneer hulle by die preekstoel kom. Hou dop en kyk of elkeen van hulle nie genees word, omdat hulle dit net glo nie. Dis al. Hou hulle dop wanneer hulle na die platvorm toe geroep word daarbuite, maak nie saak wat verkeerd is met hulle wanneer hulle soontoe geroep word nie, kyk hoe hulle opspring, maak nie saak of hulle kreupel, blind, of wat dit ook al is nie. Kyk hoe hulle dit net daar ontvang. Maar die oueres sal rondsit, sê: "Nou, wag. Ek kan nie beweeg nie. Ek het hierdie voet vir 'n lang tyd nie beweeg nie." 'n Kind sal nie daaraan dink nie; hy sal net nou opspring.

64 Hy sal dit doen. Maar ons probeer dit alles uitwerk. Ons moet dit uitwerk. Wat as Petrus daardie aand gestop het om dit uit te dink? "Nou, Here, U het vir my gesê om op die water te loop. Nou, laat ek sien. Nou, ek's nougeset 'n wetenskaplike, en ek weet die formule van water is H_2O. Wel, niemand kan op waterstof en suurstof loop nie. Dit help nie ek probeer dit nie. Wel, U het vir my 'n onmoontlike ding gevra." Dan sou Petrus nooit op die water geloop het nie. Die enigste ding, hy het nooit uitgewerk hoe dit was nie. Hy het net vir God op Sy Woord geneem en begin aanstap. Dis wat ons moet doen, moenie probeer uitwerk hoe God hierdie dinge doen nie. Aanvaar dit net en gaan aan.

65 Wat as Moses afgedraai het om die brandende bos te sien. Hy sou sê: "Wag, laat ek 'n paar blare afpluk. Ek gaan hulle afneem

na die laboratorium toe om uit te vind hoekom die chemikalie van—van hierdie blaar, waarom dit nie uitbrand nie. Die vuur is in orde." Wel, hy sou nooit vir God genader het nie. Maar hy het sy skoene uitgetrek en nederig gekom, en gaan sit, en God het met hom reg uit die brandende bos uit gepraat.

66 Dis hoe jy vir God moet benader, nederig, deur Sy Woord te neem, maak nie saak hoe dit lyk nie. "Daar God, U het so gesê, ek glo dit, en dit handel dit af."

67 Nou, laat ons uitvind hoekom ons vandag hierdie oes mense het wat ons het. Nou, as hierdie 'n bietjie kielie . . . Ek voel net iets opkom, voel net soort van godsdienstig net nou. So ek net . . . iets kom op in my gedagte. Goed, miskien sal die Here ons seën.

68 Nou, kom ons gaan weer terug in Genesis in, en—en tel die—die begin op. Ons sal uitvind alles wat ons vandag het, het in Genesis begin. Genesis is die saadhoofstuk van die Bybel. Alles het in Genesis begin. Goed, want *Genesis*, die woord *Genesis* beteken "die begin." En dis die saadhoofstuk waar God die saad van alles gesaai het. En die bose een het sy saad gesaai, en God het Sy sade gesaai, en hier kom die oeste op van die aarde, net presies soos God gesê het.

69 Ons neem, byvoorbeeld, die woord *Babilon*. Ons sien dit verskyn in Genesis. Eerste, is dit die "Tuin Poorte" genoem, glo ek, of die "Poorte na die Hemel." Die volgende ding wat dit genoem is, was "verwarring" gewees. En ons vind uit dat Babilon daar begin het in die begin, en dit was die eerste plek van afgodediens. Ons vind uit dat dit in Genesis is. Dan vind ons dit hier oorkant in die middel van die Bybel, en dan vind ons dat dit weer oorkant in Openbaring verskyn. Sien, dit het uit Genesis uitgekom, het Babilon heelpad opgekom. Net verder aan, en dit het saad geword in Genesis.

70 Nou, in Genesis sal ons by twee seuns moet begin. Daar is waar die menslike ras ontspring het uit Adam en Eva, en uit Adam en Eva uit, natuurlik, sy moes dogters gehad het. As sy nie het nie . . . Iemand het dikwels gewonder . . . Die ou vraag was waar het Kain sy vrou gekry? Kain moes met sy suster getrou het. Hy kon niks anders gedoen het nie, want as . . . daar was nie . . . Die Bybel teken selde ooit 'n vrou se geboorte op. Dis altyd mans, en as—as die Bybel . . . Vandag, Amerika . . .

71 Nou, ek's . . . Julle is my susters. Sien? Maar kyk, daar is net een plek in die hele heelal wat vir die man sy krediet gee; dis God wat dit vir hom gee. Vandag is die god van Amerika 'n vrou. Nou, dis reg. Trek een van hierdie vroutjies uit, en sit hulle hieronder op die strand neer met hulle swembroeke aan, en sy sal meer mans hel toe stuur as al die dranksmokkelhuise wat jy in die stad het. Dis reg. Sy's Amerika se god. Sy—sy laat mans val, enigiets wat sy wil. Sy weet . . .

72 Die duiwel het dit aan die begin geweet. Dis hoekom hy die vrou gekies het. Nou, die vrou is verlos, en sy kan 'n suster en goddelik wees. Maar broer, wat ons vandag nodig het, is meer goeie outydse, God-gestuurde, Heilige Gees-gebore moeders om kinders reg groot te maak. Praat van kindermisdaad; dis ouermisdaad is waar dit lê. Dis presies reg.

73 Praat van die ongeletterdheid van Kentucky. Party van ons mense wat daar buite woon, praat van die gelet-. . . gelet-. . . van hoe dom en hulle daarbo is. Wel, laat ek vir julle iets vertel, as party van daardie ou mammies hulle sou laat. . . sien dat hulle dogter uit is; en aangaan soos party van hulle hieronder op hierdie strande, broer, sou sy nie uit die bed uit kon opstaan vir 'n week nie. Sy sou nie kon nie. Sy sou van een van daardie okkerneuthoutbome se boonste takkies afpluk en die romp wat sy nog oorgehad het aan haar, afgeslaan het.

74 En ek dink as ons dit heelwat meer toegepas het by Palm Beach, en die res van die plekke hierrond, sou ons 'n beter sosiale posisie en beter sedes in ons land gehad het. Amen. Dit mag outyds, platvloers wees, broer, maar dis die waarheid wat uit God se Woord kom. Ek glo dat ons uit ons plekke en dinge uitgaan. Dis die Waarheid.

75 Ek's nie hier om vir julle te vertel hoe om aan te trek en wat om aan te trek nie. Dis tussen jou en God. Maar luister, wanneer 'n persoon regmaak met God, sal God vir die res daarvan sorg. Dis reg. Ek het geen reël en sê jy moet *dit* doen, en jou rokke, en jou rompe dra, en mans moet *hierdie* doen nie. Daar's geen reël nie.

76 Net soos bo in my streek. Daar's 'n eikeboom, 'n ou dwerg-eikie, dit behou sy blare die hele winter. Wanneer die lentetyd kom, hoef jy nie die ou blaar te gaan afpluk sodat die nuwe een sal uitkom nie. Laat die nuwe lewe net opkom, die ou blaar val af. En as 'n man of vrou gebore is uit die Gees van God, laat val die Heilige Gees die ou lewe af en die nuwe lewe kom uit. Amen.

77 O, dis so 'n jammerte om die toestand van ons volk te sien, om te sien hoe ons dit besoedel het. Dis nie ons. . . Ek het gesê ek, 'n miljoen keer, ek is nie bang dat Rusland ons ooit seermaak, of enige ander nasie nie. Sommige van die ander lande wat teen ons veg. Dis nie wat my bang maak nie. Dis ons eie verdorwenheid reg onder ons wat ons besoedel. Dis nie die rooiborsie wat aan die appel pik, wat dit bederf nie. Dis die wurm in die appelstronk wat die appel doodmaak. Dis ons eie toestande hier, wat ons nou doen. Breek die ruggraat van enige volk, demoraliseer net—net vroulikheid en kyk wat gebeur daarmee. Lees terug in julle geskiedenis en vind uit. En daar's die val van hierdie volk net so seker soos enigiets in die wêreld.

78 Hier nie lank gelede nie, het ek gepreek oor die—die onderwerp daar in my eie tuisdorp. Hulle het hulle almal daar

gehad, en ek het gepreek oor die omverwerping van die Verenigde State se regering. En ek het dit van oorkant uit die Bybel geneem waar die bose geeste uitgegaan het, leuengeeste, en in die profete ingegaan het en hulle 'n leuen laat vertel het en om hierdie Agab daarbo te kry om sy lewe te neem.

79 En ek het gesê: "Die bose geeste van onder toe ek afgegaan het na Parys, en onder in daardie plekke daar, so gedemoraliseer. Ek het nooit geweet dat mense so laag kon daal nie." En elke mode wat ons het, het net daar in Parys begin, oorgekom hier na Hollywood toe, uit oor die skerms en alles. Julle sit almal en kyk na hulle. En die dogtertjies en seuntjies gaan daarin, kom uit en maak daardie akteurs na, en party van hulle vier of vyf keer getroud, en drie of vier verskillende mans en vroue, en maak dit 'n voorbeeld. Broer, as daar enige voorbeeld is, behoort ons dit uit God se Bybel te neem. Dis presies reg. Ja, meneer. Dis waar ons oes begin het.

80 Kyk terug daar in die begin in die tuin van Eden. Destyds in die begin, was daar twee seuns wat uitgekom het: Kain en Abel. Goed, ek wil hê julle moet na hulle oplet soos hulle kom, albei seuns, na hulle uit die tuin van Eden uitgesit is wat oos van Eden lê.

81 Op pad deur die strate oorkant in Palm Beach vanmôre, het ek gedink: "Kyk hier na hierdie pragtige, groot huise, net soos 'n tuin van Eden. Gevalle seuns van God het hulle gebou." Ons weet dat dit in hulle hart is, God het bedoel dat hulle dit moet hê. Maar elkeen sal moet sterf en hulle agterlaat, maar ons gaan eendag na een toe (Halleluja!) waar ons dit nooit weer sal agterlaat nie. Ons sal vir altyd daar wees.

82 Toe, het ek gedink, soos ons daar verbygegaan het, aan daardie wonderlike gedagtes, hoe Eden moes gewees het. En toe, toe die mens gesondig het, ek het my gedagte, my begrip daarvan, jy kan joune hê. Maar God het hulle uitgedryf. 'n Engel het by die poort gestaan, en die poort begin bewaak, sodat niemand kon inkom of uitgaan by daardie poort nie, om hulle weg te hou van die Boom van die Lewe af.

83 Nou, die Boom van die Lewe, glo ek, was Jesus Christus. "Hy wat My vlees eet en My Bloed drink, het die Ewige Lewe." Hy is die Boom van die Lewe. God het Dit bewaak met 'n Gérub, 'n Engel met 'n vlammende swaard.

84 Nou toe, toe Kain en Abel besef het dat hulle sterflinge was en eendag sou moes sterf, toe het hulle gekom om guns by God te vind. En elkeen van hulle, Kain was 'n bewerker van die grond, Abel was 'n herder, en let op, elkeen van hulle het gekom om vir God te aanbid.

85 Nou, net hier, is waarop ek my gedagte wil baseer vir die volgende vyftien of twintig minute. Nou, hier kom die twee seuns. Nou, een van hulle was Kain, Satan s'n. Die ander een

was Abel, van Adam af, wat van God af was. Hou albei van hulle dop. Dis 'n baie mooi prentjie van die kerke vandag.

86 Nou, hier waar julle sal begin, gaan ek die tekens en wonders sit, teenoor fundamentalisme, en uitvind waar, hoe waar dit is. Nou, let op, Kain en Abel het opgekom om vir God te aanbid. Albei van hulle het. Nou, Kain het sy offer gebring. Abel het syne gebring. Nou, albei van hulle is gebore uit dieselfde moeder.

87 Nou, Kain was net so opreg, glo ek, as wat Abel was. Hy sou nooit gekom het nie. Hy was net so 'n gelowige soos wat Abel was. Fundamenteel, in aanbidding, was hy net so fundamenteel as wat Abel was. Albei van hulle, albei seuns het besef hulle was verlore. Albei seuns wou guns vind by God. Albei seuns het 'n offer gebring. Albei seuns het aanbid. Albei seuns het aan die kerk behoort.

88 As 'n kerk, offer, en aanbidding, al is wat God vereis, en God het vir Kain veroordeel, is Hy onregverdig om dit te doen. Korrek, Hy sou onregverdig wees. Want as aanbidding al is wat God vereis, het Kain net dieselfde aanbid as wat Abel het, en het dalk 'n mooier aanbidding gehad as wat Abel gehad het.

89 Ek kan my voorstel dat Kain die gesalfde van Satan, Satan se seun, wat afgekom het . . . En ek wil graag vir julle 'n prentjie daar wys, ook, binne 'n oomblik, van Kain en Abel. Hoe, toe hulle gekom het, Kain gekom het om sy offer te bring; dit was waarskynlik baie mooier as wat Abel s'n was. Kain was 'n bewerker van die grond. En hy het gehad—hy het lelies en pragtige goed gehad om sy altaar mee te versier.

90 Nou, kyk. Ek wil hê julle moet hierdie sien, en eendag voor Almagtige God waar ons almal sal staan, sal julle uitvind dat hierdie nie te ver verkeerd is nie. Hou vir Kain dop in sy geaardheid. Hy het die geaardheid van sy pa, Satan, gehad. En toe hy gekom het, ek wil hê julle moet sien dat hy 'n pragtige offer gemaak het, miskien versier met lelies en alles, soos hier in—in ons land.

91 Elke Pase, het 'n prediker my lank gelede vertel, van 'n sekere groot denominasionele kerk, hy het gesê: "Broer Branham, ek weet net nie wat om te doen nie," hy het gesê: "ek—ek—ek—ek—ek . . . elke keer wanneer die mense Pase kom," gesê: "wens ek hulle 'n 'Geseënde Kersfees,' 'n 'Voorspoedige Nuwejaar' toe, want ek sal hulle nie weer sien tot volgende Pase nie, en hulle is lidmate van my kerk."

Ek het gesê: "Meneer, jy sal dit nie glo nie, maar die rede waarom hulle nie kom nie, hulle het niks in hulle om hulle trek nie."

92 Hier, 'n tyd gelede, toe ek nog 'n seun was, het ek van 'n paal afgekom. Ek het gewerk vir die ligte-maatskappy, en ek moes elektriese lig afsny. En ek het afgegaan en moes 'n rekening gaan haal oorkant die straat. Daar was 'n ou meisietjie daarbinne, en

sy . . . Ek het aan die deur geklop, en sy het na die deur toe gekom en sy het gesê: "Wie is jy?"

En ek het gesê: "Ek's van die openbare werke. Ek glo die ei- . . . die boekhouer het vir my gesê jy het vergeet om in te stuur . . . "

"O, ja," gesê: "moeder het dit gestuur," en gesê: "Moeder sou dit gestuur het en sy het dit hier gelos." Gesê: "Sal jy dit vat?"

93 Ek het gesê: "Ja, dame." Sy het vir my die rekening gegee. Ek het dit gemerk: "Betaal." Dit vir haar begin gee, en een van hierdie ou rieldanse, of wat dit ook al is, het aangekom daarmee, die viool gesaag en aangegaan, en een of ander soort ou boogie-woogie musiek gespeel, wat dit ook al was; en daardie meisie het ou klein kleertjies aangehad daar, omtrent genoeg om 'n haelgeweer met lap te laai, en ju- . . . dit was jammerlik.

94 Luister. Ek het twee dogters; en hierdie is, hulle noem dit "sonbrand." As een van myne, as God my laat lewe, sal sy 'n sonbrand kry as sy dit aantrek, van Charlie Branham, my pappa se seun, sal vir haar die sonbrand met die vaatjieplank gee, net so hard as wat ek dit vir haar kan gee. Dis die soort sonbrand wat sy nodig het. Absoluut! Daarbuite soos dit, geen wonder die verderf van die wêreld nie. Hoe kan julle mans en vroue . . . Julle mans . . .

95 Nou, julle gaan kwaad raak vir my, julle kan maar net sowel begin. Maar julle mans wat julle vroue so sal laat uitgaan en optree, en sigarette rook, en rondloop, dit wys hoeveel man is in jou. Dis reg. 'n Regte volbloed man sal nie sulke goed soos dit toelaat nie. Dis reg. Broer, dit mag moeilik wees om te verteer, maar as dit is, neem dit, want dis goed vir jou. Amen. Dis presies reg. Ek sê julle, 'n regte rooi-bloed man . . .

96 My vrou mag dit een of ander tyd doen. Wanneer sy dit doen, is dit die dag wat sy die Branham huis verlaat. Dis presies reg. Ek sal dit nie toelaat nie. Deur God se genade, kan ek dit nie toelaat nie. Dis reg. En wanneer mans sal opstaan . . .

97 Verskoon my. Daardie ding het meer stem as wat ek het. Maar kyk. Ek's nie opgewonde nie. Ek weet waar ek is. Ek weet waarvan ek praat ook. Nou, kyk. Dis reg.

98 Hierdie ou meisietjie het oor die vloer begin gaan en geskree: "Tootle-dee, doodle-dee," en toe hierdie . . . sy het gesê . . . Hulle sou een of ander ou skuur-swaai-dans hou, of so-iets, en sy het daar na—na die radio toe gegaan, en sy het 'n soentjie vir daardie kêrel gestuur deur die radio. So opgewonde, sy het nie eers geweet ek was by die deur nie. Sy het gesê: "Tootle-loo, skat. Ek sal jou daarbuite sien vanaand."

En ek het gedink: "Ja, dis waar, jy sal daar wees. Sonder enige twyfel. Jy sal daar wees."

99 En sy het nadergestap, sy het aanhou ronddraai om die vloer aan die skree, julle weet, asof sy gedans het. Sy het gesê: "O, verskoon my." Sy het gesê: "Ek hou net so daarvan om te dons."

Ek het gesê: "Ek het so opgelet."

En—en sy het gesê—sy het gesê: "O, ek hou net daarvan."

Ek het gesê: "Ek—ek glo dit." Ek het gesê: "Hier is jou kleingeld." En—en ek het weer teruggegaan, en ek het van 'n paal afgegaan.

100 Doktor Brown het gekom, van 'n ander groot kerk, hy het gesê: "Billy, ek wonder maar net." Gesê: "Ek—ek het soveel mense wat na my kerk toe gekom het, en ek het hulle 'n kaartjie laat teken dat hulle belowe om na my kerk toe te kom, ten minste Sondagskool toe, vir ses maande van die jaar," gesê: "ek het vyfhonderd kaartjies uitgestuur. Hoeveel dink jy het Sondag daarop geantwoord?"

Ek het gesê: "Weet nie."

Gesê: "Twee."

101 Ek het vir hom daardie storie vertel. Ek het gesê: "Dink jy Mnr. Clayton McMichen sal ooit daardie vrou 'n kaartjie moet laat teken om daarbuite by daardie ou skuurdans te wees vanaand?" Nee, meneer, want in haar hart is 'n gees wat daarop voed.

102 En as 'n man wedergebore is uit God, wanneer die kerkklok lui, kan jy nie wegbly daarvan nie. Daar's iets binne-in jou wat uitroep, die diepte wat praat met die diepte. Jy móét gaan. Amen. Jy moet *hier* regkom, broer. En as daardie gees *daarbinne* nog steeds die wêreld aanbid, is die liefde van God nie eers in jou nie.

103 As dit die wêreld haat en vir God liefhet, hoef jy nie 'n kaartjie te teken om kerk toe te gaan of beloftes te maak nie. Jy sal daar wees wanneer die deur oopmaak. Jy kan nie daar wegbly nie, iets binne-in jou wat jou trek. Jy kan net nie help om te kom nie. Dis reg. Dis iets wat *hierbinne* plaasvind. Dis 'n geboorte. En dis wat die kerk nodig het vandag. Tot daardie ou vleeslike Adam, Adam-geaardheid doodgemaak is in die man, is hy steeds 'n sondaar. Hy mag heel gereeld kerk toe ook gaan. Hy mag sy naam op die boek plaas. Solank as wat daardie dinge in hom is, is hy steeds die spoor byster met God. Amen. Ek voel heel goed.

104 Kyk. Ek wil vir jou iets vertel, broer. Kain en Abel destyds daar in die begin, daar het Kain opgekom, en hy het vir God aanbid, op sy knieë gekniel. O, goeiste. Hy het al sy lelies so rondom laat lê soos ons, Pase, sal hê.

105 Mense sal letterlik miljoene dollar spandeer oor die land om lelies op die altaar te sit om hulle altaar te versier. God wil nie die lelie op die altaar hê nie. Hy wil jou op die altaar hê. God gee nie om vir die lelie nie. Jy's die een. Die altaar is nie vir 'n lelie gemaak nie. Dit was gemaak vir jou en alles wat jy het en alles

wat jy is. Jy behoort jouself op die altaar te sit en te sê: "God, hier is ek." Amen.

106 Dis wat ons nodig het. Dis wat hierdie Palm Beach nodig het vanmiddag. Nie 'n nuwe burgemeester nie, nie 'n nuwe polisiemag nie, dit het 'n goeie, outydse, Paulus se herlewing nodig en die Bybelse Heilige Gees terug in die kerke, en mans en vroue wat regmaak met God. Dan sal julle tekens en wonders sien vlieg soos vonke op 'n aambeeld. As julle dit net aan die gang sal kry. Maar broer, totdat jy dit doen, is ons verlore en sal ons nooit 'n herlewing kan hê nie.

107 Amerika . . . Billy Graham wat hier nie lank gelede nie wat 'n sekere diens gehou het; hy het deurgegaan, en hy het gesê hy het dertigduisend bekeerlinge gehad, of, twintigduisend, dink ek, in ses weke. Toe het hulle ses weke later teruggegaan, en hulle kon nie twintig van hulle kry nie. Wat's fout? Want hulle staan op en sê: "Ek aanvaar Christus as my persoonlike Saligmaker," en gaan sit, emosioneel opgewerk.

108 Dis hoekom ons nie 'n herlewing kan hê nie. Jy moet weer terugkom na God se geloof toe in die Bybel, waar mans en vroue wedergebore en lewend gemaak word deur die Heilige Gees. Dan kan daardie man nie help om 'n Christen te wees nie. Hy's 'n Christen deur geboorte. Dis reg.

109 Jy hoef hom nie te laat belowe, en hom kaartjies te gee, en hom te besoek nie. As hy wedergebore is, broer, sal jy amper die deur moet grendel om hom uit te hou. Amen. Julle het die kar voor die perde, broers. Dis wat verkeerd is. Jy moet eers vir Christus kry. In plaas van die kerk, moet jy vir Christus eerste plaas. Dis wat ons vandag nodig het. Dis wat Amerika nodig het vandag. Dis wat die hele volk, die hele wêreld nodig het vandag, is 'n outydse herlewing, roerende, God-gestuurde herlewing.

110 Kain, hy was beslis godsdienstig, net so godsdienstig soos die ander was. *Godsdienstig* is "'n bedekking." Adam en Eva in die tuin van Eden, toe hulle uitgevind het hulle is nakend, het hulle vir hulleself 'n godsdiens gemaak. Vind uit, net sodra Adam uitgevind het hy was—hy was geskei van God, in plaas van om God te probeer vind, het hy probeer wegkruip van God.

111 Dis die geaardheid van die mens vandag. Dis steeds sy geaardheid. In plaas van om uit te kom en te bely, te sê: "Ek was 'n kerklidmaat gewees vir tien jaar, ek weet niks van God af nie," probeer jy agter die naam van die kerk wegkruip. Reg! Ons doen dit almal. Ons Metodiste, ons Baptiste, ons Presbiteriane, ons Pinksters, ons doen dit almal. Ons is skuldig voor God. Amen. Dis die waarheid. Ja, meneer.

112 Nou, ek wil hê julle moet oplet. In plaas van om uit te kom, en dit moes Adam gewees het wat deur die tuin gehardloop, en skree het: "Vader, Vader, waar is U? Vader, Vader," dit was die Vader

wat deur die tuin gehardloop, en geskree het: "Adam, Adam, waar is jy?"

113 Toe hy uitgevind het hy moes vir God ontmoet, het hy vir hom 'n voorskoot van vyeblare gemaak. Hoe tipies van vandag. 'n Voorskoot was 'n bedekking. *Godsdiens* beteken "'n bedekking." En hy het sy voorskoot van vyeblare gemaak. Hy het dit om hom gesit, en dit was alles reg solank as wat Eva en Adam agter gestaan het in die . . . hulle kerkie daaragter wat praat van: "Wel, nou, wanneer God weer roep, sal ons uitgaan." Maar toe hulle vir God moes trotseer, het hulle uitgevind dat vyeblaar-godsdiens nie sal werk nie. En elke man en vrou wat wegkruip agter een of ander kerk geloofsbelydenis, sal uitvind in die dag van hulle dood, vyeblaar-godsdiens sal nie werk nie. God het gesê . . . Hy het gesê: "O, ek's nakend." Hy het dit geweet toe hy vir God moes ontmoet. Gesê: "Ek's nakend."

Gesê: "Wie het vir jou gesê, jy was nakend?"

114 O, toe het hulle begin om mekaar "te blameer," soos die straat uitdrukking lui. "Die vrou wat U my gegee het, en *dit*, *dat*, en die *ander*."

115 En God 'n paar velle gaan kry en vir hulle voorskote gemaak. Om velle te kon kry, moes Hy iets doodmaak. Iets moes sterf as 'n plaasvervanger, en die enigste ding in die wêreld . . . Dis nie die Metodiste, Baptiste of Presbiteriaanse kerk wat jou sonde sal bedek nie. God het Iets doodgemaak: Sy Seun op Golgota. Dis jou bedekking; die enigste bedekking wat daar vir die mens is. Aanvaar dit, maak nie saak hoe radikaal dit staan nie; die godsdiens van Jesus Christus was nog altyd bestempel as fanatisme deur die wêreld. Ek sal dit vir julle bewys binne 'n paar minute. Reg.

116 Kyk nou na hulle. Hier is hulle daarbuite besig om te aanbid, albei van hulle, albei opreg, albei wat net uitroep na God, Hom loof en alles. Kain was baie ver van 'n kommunis af. Hy was 'n gelowige.

117 Nou, kyk hier. As die enigste ding wat jy hoef te doen, is om te glo dat God is, dan was Kain regverdig. Daar het julle dit. Dis soort van . . . Ek gaan dit 'n bietjie laat insink, want ek wil hê dit moet gaan na die vyfde rib aan die linkerkant. Sien?

118 As al wat jy nodig het om te doen, is om te glo dat God is, en jy sal neerkniel en Hom aanbid, was Kain geregverdig. Die Bybel het gesê dat selfs die duiwel glo dat dit waar is. En die duiwel het openlik bely dat Jesus Christus die Seun van God is. Dit het hulle nie gered nie. Broer, jy . . . Ons beter dit reg kry. Gaan 'n fout wees een van hierdie dae; iemand is reg en iemand is verkeerd.

119 Jy beter vat wat die Bybel gesê het. Jy moet wedergebore word, nie mities dink dat jy wedergebore is nie, maar wanneer die Gees van God absoluut alles van die wêreld in jou doodmaak en jy lewendig gemaak word, 'n nuwe skepsel in Christus. Dan

weet jy die ou dinge het verbygegaan. "As jy steeds die wêreld liefhet, of die dinge van die wêreld," het die Bybel gesê: "is die liefde van God nie eers in jou nie." Amen. Dis duidelik, maar, broer, dis nie afwitting nie, maar dit sal jou wit was. Dis reg. En verskoon dat ek kwyl. Ek het julle gesê ek is nie 'n prediker om mee te begin nie. Ek het heelwat druiwe geëet uit Kanaän, hulle laat my kwyl, maar ek's bly ek's in Kanaän. Amen.

120 O, broer. Wat ons nodig het vandag, is weer 'n ou roering van die Heilige Gees. Broer, dit moes na my toe kom voordat God Homself ooit kon manifesteer. Ons het nodig dat nog 'n geweldige, rukwind gestuur word (Dis reg.) soos wat hulle gehad het op die Dag van Pinkster. Hulle was almal godsdienstig en volgelinge van Jesus, maar hulle moes gaan en die doop van die Heilige Gees ontvang. Is dit waar?

121 En luister hier, vroue. Julle het gedink ek skroei julle, luister hierna: Besef julle dat daarbo, toe hulle almal daar opgegaan het, die honderd-en-twintig, om te bid, dat toe hulle . . . Hulle het nooit gemaak soos ons Baptiste maak: skud hande en skryf ons naam op die boek en sê: "Ja, ek's wedergebore," nie. Hulle het dit nie so gehad nie. Daar is glad nie so 'n Skrif in die Bybel nie. En ons katolieke mense wat kom, ons tong uitlek en die Heilige Eucharistie neem en sê ons het die Heilige Gees gekry, glad nie so 'n Skrif in die Bybel nie.

122 Ons Metodiste gaan in op 'n proefperiode vir ses maande en daar is glad nie so 'n Skrif in die Bybel nie. Maar die Bybel het gesê: "Toe die Dag van Pinkster ten volle aangebreek het, het daar 'n geluid uit die Hemel gekom soos van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het." En die krag van God het daardie mense so omring en hulle gesalf, dat hulle skreeuend in die straat ingehardloop, en gedans, en gegil het, en opgetree het soos 'n klomp dronk mense. Dis die Skrif, SO SPREEK DIE HERE.

123 En luister, vroue. Die geseënde maagd Maria moes dit so kry, en as God die moeder van God op daardie manier moes laat kom, hoeveel te meer moet jy op daardie manier kom? Wat ons nodig het, is lewe, nie in een of ander mitiese, teologiese opset en een of ander teorie van die mens nie, ons het die outydse doop van die Heilige Gees nodig, terug in mense se lewens wat nuwe skepsels in Christus Jesus maak. Amen.

Ek *amen* nie myself nie, maar dit beteken: "laat dit so wees." Ek kan nie help om dit sê nie. Kyk, my broer.

124 Ja, Kain was regverdig as God net dit vereis het, maar God het hom verwerp, omdat sy gees net na die tydelike dinge gekyk het. Hy het sy pappa se geaardheid gehad. Sy pappa wou 'n yslike, groot, pragtige kerk gehad het in die Hemel beter as Migaél s'n, en hy is uit die Hemel uitgeskop daaroor. Hier's sy

geaardheid in Kain, hieronder, wat die altaar versier het. En hier is dit nog vandag, wat 'n mooi groot kerk probeer maak.

125 En julle Pinkstermense is net so ver af soos die res van hulle. Reg. Julle dink omdat julle 'n goeie groep mense het wat na julle kerk toe kom, of die hoëlui van die stad, of so-iets, dat dit 'n verskil gaan maak. Julle maak groot gemaklike sitplekke. God sal jou op 'n straathoek ontmoet, in 'n steeg, of enige plek. Julle was in 'n baie beter toestand toe julle in die sendingstasies was. Amen.

126 O, goeiste. Wat 'n jammerte. Wat 'n skande is ons wat onsself Christene noem vandag, die naam van Christendom dra. Party van ons weet nie meer van God af as wat 'n Hottentot sou weet van 'n Egiptiese nag nie. Amen. Verskoon my, broer. Dit vat net baie plek vir my om rond te hardloop, reken ek.

127 Let op, my broer. Ek is egter opreg. Ek bedoel hierdie met my hele hart. Kain het daar neergekniel en hy het God aanbid, en Abel het God aanbid, maar Abel het vooruit gekyk. Kain het gesê: "Appels het ons uit die tuin van Eden uitgebring." Hy het vrugte geoffer. Hoe onkundig. Dieselfde ding gaan vandag aan. Skoonheid: hy kon God behaag met 'n mooi, pragtige kerk en 'n altaar. Hoe onkundig. Dieselfde ding vandag, hy aard na sy pappa. Sien?

128 Maar Abel het geweet dit was bloed. Amen. Broer, dit kos bloed om ons terug te neem soontoe. Abel gaan uit en kry 'n ou lammetjie, draai 'n wingerdloot om sy nek. Ek neem aan daar was nie enige tou in daardie dag nie. Hier kom hy, nie pragtig nie; trek 'n ou lammetjie na die altaar toe, soos *daardie*, na 'n rots: niks mooi daaraan nie. Laat my dink aan he- . . . vry-gebore kerk, niks mooi daaraan nie. Tel die kleintjie op en gooi hom op die rots, tel 'n klip op, ek reken hulle het nie enige spiese gehad nie, het 'n skerp klip opgetel, sy koppie agteroor gegooi, en sy keel begin afkap.

129 Het julle al ooit 'n lam hoor sterf? Die jammerlikste ding wat julle nog ooit in julle lewe gehoor het, om 'n lam te hoor sterf. Maar daar daardie arme lammetjie wat net sterf en bloei, en blêr, en die bloed wat *so* uitvlieg, sy wolletjies baai. God het afgekyk en gesê: "Dis reg." Daardie man was geestelik. Hy het 'n toekomsblik op iets gehad.

130 Waarvan het dit gespreek? Negentienhonderd jaar, of langer, daarna, ja, dit was omtrent vierduisend jaar, daarna, is die Lam van God weggelei teen Golgota se berg op. En op pad soontoe, het hulle Hom aan die kruis vasgespyker, Hom in die rug geslaan vir die genesing, Sy Liggaam oraloor gegésel, Sy bloederige lokke wat van Sy skouer afgedrup het, spoeg van bespotting oraloor Hom; wat uitroep: "My God, My God, waarom het U My verlaat?"

131 Adam kon nie die taal van die lam verstaan nie. Hy het in 'n ander taal gepraat. En Jesus Christus het gesterf besig om in 'n ander taal te praat. "My God, Eli, Eli." Hy was beslis, volmaak, pragtig, heilig, ongelooflike tipe, amper. Daar was Hy.

132 Hoe voor en teen. Kyk daar: Daar was Kain in al sy skoonheid, sy mooi groot altaar, sy glorieryke aanbidding, goeiste, net so vroom en pragtig as wat dit kon wees.

133 Hier was Abel: klein ou skapie, hiernatoe gebring, nie veel daaraan nie; nee. Net 'n groot ou klip wat daar gelê het en hy het sy ou lewetjie uit hom uitgeslaan, terwyl hy blêr.

134 Maar waarvan het dit gespreek? Abel het vêr-siendheid gehad. Hy was gebore uit Adam, wat 'n seun van God was. En die kerk vandag wat gebore is uit Christus, die Seun van God, het die vêr-siendheid en die beloning van die vergoeding wat gaan kom. Hulle gee nie om wat die wêreld sê, hoe outyds ons genoem word, hoeveel *dit*, *dat*, of die *ander* nie, ons weet wat God gesê het, en dis waarna ons kyk. Amen.

Ja, meneer. Laat hulle aangaan en sê wat hulle wil. Dit maak geen verskil nie. God se mense was nog altyd vreemde mense gewees.

En nou, kyk. Ek wil hê julle moet iets anders oplet. Ons sal opskud. Ek wil hê julle moet hierdie sien.

135 Hier kom Kain. Toe het hy afgekyk en gesien dat Abel se offerande aanvaar is, hy het jaloers geraak. Broer, jy vind baie daarvan vandag. Moenie enigiemand vertel nie, maar dit is. Dis reg. Jaloesie: "O, hulle is 'n klomp domkoppe. Daar—daar's net niks aan hulle nie. Hulle het nie eers geleerdheid nie. Hulle weet niks van . . . Hoe weet hulle? Ons het ons grade. Ons weet wat ons doen." Wel, gaan voort. Laat die blindes die blindes lei; hulle sal almal in die sloot val. Dis reg. "Ons weet alles daarvan af."

136 Ja, meneer, en voor jy jou kom kry gaan hy soontoe, en—en wat doen hy, hy raak jaloers. Hy word kwaad. Waar het dit vandaan gekom? Dit het nie van God af gekom nie. Dit het van die duiwel af gekom, en hy het uitgegaan en sy broer vermoor.

137 Ek wil net gou vir julle 'n gelykenissie wys hier. Baie mense het net drie kruise gesien op Golgota. Daar was vier. Daar was vier kruise. Die kruis is 'n boom. Is dit reg? Hier was Jesus, en 'n dief aan die regterkant, 'n dief aan die linkerkant. Nou, hier was Judas wat homself aan 'n wildevyeboom gaan ophang het. Is dit reg? Net so 'n kruis soos waaraan Jesus was. Die Bybel het gesê: "Vervloek is hy wat aan 'n boom hang." Jesus het aan 'n boom gehang, as 'n kruis, om weg te neem . . . 'n vloek gemaak vir ons.

138 Nou, kyk. Hier was die seun van die verderf wat van die hel af gekom het, wat teruggegaan het na die hel. Hier was die Seun van God wat van die Hemel af gekom het, wat teruggegaan het na die Hemel: Presies Judas en Jesus, die reïnkarnasie, Judas en

Jesus, albei van hulle broers: Een was die Pastoor, die ander een was die tesourier.

139 En hierdie on-. . .hierdie een dief aan die linkerkant, het gesê: "*As* . . . " daardie vraagteken oor God se Woord: "*As* u is, red uself en vir ons ook. Wys u krag. Laat ons u nou 'n wonderwerk sien doen. *As* u is . . . "

140 En hierdie ander een het gesê: "Here, onthou my wanneer U in U Koninkryk kom." Daar was Judas wat saam met hom, die onbekeerde sondaar teruggeneem het na die hel. Christus wat saam met Hom geneem het, bekeerde sondaar: "Vandag sal jy saam met My in die paradys wees." Volmaak, die Evangelie prediker, die Kerk wat God glo, ongeag die omstandighede glo hulle God in elk geval, gaan net aan.

Nou, let op. Ons sal gou deurgaan, want ons het nie te veel tyd nie. Kom ons neem dit 'n bietjie. Kyk nou.

141 Van Kain en Abel af begin hier twee bome. Nou, kyk nou hoe hulle opkom. Hier kom die twee bome, begin net daar. Nou, ons is reg in hulle vandag. Ek wil hê julle moet hierdie sien: Reg in hulle vandag. Voor jy jou kom kry, het hulle begin.

142 Dit was altyd voor en teen. Nou, as jy kyk in die ark, in die tyd van die sondvloed vernietiging, was daar 'n duif en daar was 'n kraai. Albei van hulle was voël, albei van hulle in dieselfde plek, die onderste deel was vir die kruipende dinge, die middelste deel was vir die voëls (En Noag en sy . . .), hulle was reg in dieselfde kategorie.

Daardie duif, hy sê: "Wel, ek het vlerke."

143 Kraai sê: "Ek het ook." Hulle was albei voëls, maar een van hulle was van God, en die ander een was van die duiwel. Hulle het een losgelaat, en hier's hoe hulle kon sê: volgens hulle aptyt. Die kraai was tevrede om van die een ou dooie karkas na die ander een te vlieg en te eet. Dis net soos die man wat bely om 'n Christen te wees, vandag, en steeds rook, drink, en rondloop soos hy altyd het. Ek gee nie om aan hoeveel kerk jy behoort nie. Jy's steeds 'n sondaar in God se oë.

144 Maar toe hulle daardie duif losgelaat het, kon sy nie daardie reuk uithou nie. Sy moes terugkom. Hoekom? 'n Aard van daardie duif, die rede waarom die duif nie daardie dinge kon eet nie, dit het geen gal nie. Dit kan nie daardie goed verteer nie. En dis hoe dit is met 'n Christen wat weer gebore is, die gal van bitterheid is weggeneem, en jy kan nie meer die wêreld verteer, sien, die dinge van die wêreld nie. Dis alles dood. Kyk hoe dit verder opkom.

145 Daar's Esau en Jakob. Kom ons vat hulle net vir 'n oomblik. Wel, Esau was 'n baie groter—groter heer, Christen-soort man, wat ons vandag sou noem, as Jakob. Wel, hy was beslis. Esau het gesorg vir sy ou, blinde pappa, hy het die beeste opgepas. Hy het gaan jag en 'n paar takbokke gekry en sy ou pappa gevoed.

En Jakob was net 'n ou kêreltjie, wat by die huis rondgelê het, soort van lui.

146 Maar wat was die verskil met Jakob? Jakob het God geag, daardie geboortereg. Is dit reg? 'n Volmaakte tipe vandag, iemand sê: "Wel, nou, hier's 'n goeie man. Hy gaan kerk toe, en hy gaan elke Sondag. Hy's 'n goeie betaler in die kerk. Hy behoort aan die beste kerk in die stad. Hy laat sy kinders leer. Hy doen alles . . ." Dis baie goed. Dis 'n goeie burger, maar, broer, dit het niks te doen met Christendom nie, nie 'n ding nie. Jy gaan kerk toe, het jou naam op elke kerkboek wat daar in Palm Beach of—of Florida is. Dit sal jou nooit enigiets help nie. Al kan die prediker die vlag half-stok laat hang en sê jy het Hemel toe gegaan, maar as jy nie wedergebore is nie, is jy verlore.

147 Nou, mag net sowel hierdie duidelik maak en dit reg kry. En let op. Dan die eerste ding waarvan jy weet hoe God Sy dienskneg, Jakob, bevestig het. Hy het hom uitgebring, en met tekens en wonders bewys dat dit Syne was. Nou, God het nog altyd Sy gelowiges bevestig. Wel, hou dit in gedagte. God het Sy gelowiges bevestig. Nie hoe fundamenteel jy is nie, ons word nie geoordeel op fundamentalisme nie, alhoewel ek glo dat fundamentalisme reg is. Maar ons word nie geoordeel op fundam- . . . hoe fundamenteel ons is, hoe ortodoks ons in ons geloof is nie. Ons word geoordeel volgens God se uitverkiesing en bevestiging.

148 Let op. Hier's 'n pragtige prentjie. Hier kom Israel wat opkom uit Egipte uit. Israel en hulle het gekom na die land van Moab, en toe hulle by Moab gekom het, wel, hier kom . . . Hulle het 'n profeet, 'n prediker daarbo gehad. En hy was 'n groot man wat groot dinge gedoen het. So Balak het gesê: "Kom nou hiernatoe. Ek het baie geld hier wat ek sal—ek vir jou sal gee as jy hiernatoe sal kom en hierdie fanatikus wat opkom sal vervloek, hierdie holy-roller, wat opkom van Egipte daaronder af, wat deur my land gaan trek. Kom; vervloek hom, want ek weet jy's 'n goeie, godsdienstige man."

149 Wel, sekerlik. Bileam het soontoe gegaan. Weet julle wat het gebeur? Die ou muil het omgedraai, in tale gepraat met hom, hom sover probeer kry om reg te kom, maar hy wou dit nie doen nie. Hy het in elk geval soontoe gegaan. En toe hy daaronder by die plek gekom het, wel, ek wil hê julle moet nou oplet hoe fundamenteel. Nou, daardie Moabiete was nie ongelowiges nie. Hulle was gelowiges.

150 Kain aan die linkerkant; Abel aan die regterkant. Kyk hoe hulle groot word deur die Bybel, Kain aan die linkerkant; Abel aan die regterkant. Nou, kyk. Hier kom die profeet af. Hy het gesê: "Die eerste ding wat ons moet doen. Ons moet fundamenteel hieroor wees, want God vereis dit. Bou vir my sewe

altare." Dis presies wat God gesê het om te doen. Fundamenteel was hy reg.

Gesê: "Ek wil hê jy moet sewe bulle daarop sit." Dis net fundamenteel reg, want die Bybel het gesê.

151 "En nie net dit nie, maar Ek wil hê jy moet sewe ramme daarop sit, want Jesus Christus kom eendag, die Messias. Ons moet 'n offerande daarvoor maak," wat spreek van die Koms van Christus. Dis net so fundamenteel soos die Bybel dit kan gee. [Leë kol op band—Red.]

152 En hulle was *hierbo* daardie klomp groot fundamentele leraars, en daar het Israel reg *daar* onder gestaan, besig om net dieselfde hoeveelheid offerandes te offer, dieselfde soort offerandes. Albei van hulle was perfek, fundamenteel reg. Nou, as dit net die Woord alleen, is wat God vereis, was die een net so reg soos die ander. Is dit reg? God het sewe altare vereis. God het sewe bulle vereis. God het sewe ramme vereis. O, dis volmaak. Sewe is die volmaakte, die dag van aanbidding, sewe dae ensovoorts. En die seweduisend jaar en dan die Millennium, of, sesduisend, en sewe, die Millennium, en so alles in Bybel tipeer, in—in julle weet, in drieë, sewes, twaalfs, vier-en-twintigs, en veertigs, en vyftigs.

153 Goed. En in hierdie sewe aanbidding, was God net so volmaak tevrede as fundamenteel, omdat hierdie fundamentaliste net dieselfde onderrig het as wat Hy het vir Israel. Maar hier, kyk, 'n groep gelowiges wat *hierbo* staan, nou, jaloers op hierdie, sy broer, Israel, en *hier* was . . . Waaroor was hulle jaloers? Nou, albei van hulle het skriftuurlik presies dieselfde ding gedoen: presies dieselfde doktrine onderrig. Amen.

154 Nou, voel ek baie godsdienstig. Let op, hier was hulle, ek wil hê julle moet dit oplet. Ek bring hierdie bome. Ek gaan dit na Palm Beach, Florida, toe bring, met God se hulp, binne 'n paar minute. Goed, hier is hulle. Ons sal dit net reguit na Palm Beach, Florida, toe bring, en van Genesis af reguit aan tot *hier* bewys, en uitgaan in Openbaring, dis die waarheid. *Hier* staan hulle *hier*, goed.

155 *Hierdie* gelowiges *hierbo* is jaloers op *hierdie* gelowiges. Hoekom? God is met *daardie* gelowiges, dis die rede. En hy het gesê: "Kom, vervloek my, hulle."

156 So hulle het hulle offerandes en altare gebou, die bulle daarop gesit, en al die groot klede, en prinse nou, al die groot doktore, en biskoppe, en aartsbiskoppe, en hulle almal het rondgestaan met hulle klede, rondom hierdie smeulende offerandes. "O groot Jehova, ons land wil nie besoedel word met daardie groep holy-rollers nie; O, moenie dat hulle hiernatoe inkom nie."

Julle . . . iemand het gesê: "Was hulle holy-rollers gewees?"

157 Hulle was beslis holy-rollers. Was hulle? Toe hulle oorgekom het uit. . . Moenie kwaad word daaroor nie. Toe hulle oorgekom het uit Egipte uit, deur die Skelfsee wat geskei het, wat die Bloed van Jesus voorgestel het, Miriam, die profetes en Moses, die profeet: Moses het so vol geraak van die Gees, tot hy sy hande opgesteek en begin sing het in die Gees. Is dit reg? En Miriam het so bly geraak, sy het 'n tamboeryn gegryp en die tamboeryn begin slaan, begin dans, en die dogters van Israel het haar gevolg, en gedans in die Gees op die oewers van die rivier af. As dit nie 'n holy-roller is nie, het ek nog nooit een gesien nie. Hulle was beslis holy-rollers, en hulle het Goddelike genesing in hulle dienste gehad, holy-rollers.

158 Hulle het 'n geslaande rots gehad, 'n koperslang, en hulle het 'n Vuurkolom gehad wat hulle gevolg het: holy-rollers. Hulle het beslis. Hulle het tekens, en wonders, en wonderwerke onder hulle gehad. Is dit reg? Maar fundamenteel, was *hierdie* klomp fundamenteles net so fundamenteel op die Woord as wat *hulle* was, maar God het Sy mense bevestig. Halleluja! Daar het julle dit. O God, wees genadig. Wanneer ek dink aan hierdie dag waar Satan die oë van mense so verblind het vir die werklike waarheid, dis 'n skande.

159 Nou, let hierna op soos hulle opkom, hoe verskillend. Toe het hulle hulle offerande geoffer, net so vroom. Wel, as Israel sou opkom, sê: "Wag 'n oomblik hier. Ek wil vir julle bewys met die Skrif." Sou hulle nie 'n woord kon sê nie. Hulle sou sommer gou hulle monde gesnoer het, want hulle het die Woord gehad. En die fundamentele gelowige vandag sal jou mond snoer. Ja, meneer.

160 "Ek het die Woord. Die Woord sê so." Maar God seën julle, dis die waarheid. Maar wag, het God jou al bevestig? Het julle tekens en wonders in julle kerk? Dis waar God altyd woon. Jy sien tekens en wonders, want Hy's God. Hy's 'n Skepper, en Sy mense glo Hom op daardie manier.

161 God het hierdie wêreld gemaak waarop jy vanmiddag sit. Enigste ding wat Hy gedoen het, Hy het gesê: "Laat daar wees," en hierdie wêreld waarop julle sit, is die Woord van God gematerialiseer. Hy het goed geglo wat nie was nie, asof hulle was, omdat Sy Eie Woord gesê het: "Laat daar wees."

162 En enige man wat gebore is uit die Gees van God, of 'n seun van God, wanneer God so sê, maak nie saak wat die omstandighede is nie, dis in elk geval so. Ek gee nie om waar al die leraars en die doktore van *wat-dit-ook-al-is* en die wêreld wat *dit*, *dat*, of die *ander* sou sê nie, hy glo dis die waarheid, want God het so gesê.

"Hoe gaan dit wees?"

"Ek weet nie. God het so gesê."

"Hoe gaan jy die Heilige Gees ontvang?"

"Ek weet nie. God het so gesê. Hy het vir my gesê ek kan Dit kry."

163 Hy het gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg. In My Naam sal hulle duiwels uitdryf, in nuwe tale praat, slange opneem, dodelike goed drink; hande op die siekes lê, hulle sal gesond word." Hy het gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg."

164 O, ons sê: "Die gelowige vandag is 'n man wat kerk toe gaan en sy tiendes betaal. Hy het sy kerkbank. Hy sit 'n venster in die kerk. Hy's 'n goeie kêrel." Die Bybel sê nie een ding dat daardie 'n gelowige is nie. Sien hoe ons ons eie tradisies geneem het en die wet van God kragteloos gemaak het?

165 God het gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal *hierdie* tekens volg. In My Naam sal hulle duiwels uitdryf, in nuwe tale praat, as hulle slange opneem, of iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie. As hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word."

166 Hier nie lank gelede nie, was daar 'n jong seun wat na 'n begraafplaas te gegaan het, of, 'n kweekskool: omtrent dieselfde. So gegaan om vir hom te kry . . . Altyd 'n kweekskoolprediker . . . ek het niks daarteen nie. Ek het self 'n bietjie daarvan gehad, maar dit herinner my altyd aan 'n batteryhoender, wat meganies uitgebroei word. "Tjirp, tjirp, tjirp," en het geen mamma om na toe te gaan nie. Al wat ons leer is teologie. Wat ons nodig het, is die doop van die Heilige Gees. Dis 'n skande dat ons teologie aangeneem het om die plek van die Heilige Gees in te neem. Amen.

167 Ek mag julle doof maak, maar ek ontvang self 'n seëning. Goed, as ek die enigste een is, word ek groter. Let op. O, goeiste, hoe ek graag hierdie hele Palm Beach vanmiddag sal wil sien met hulle hande op na God toe, wat God prys in 'n outydse diens. Ek sê vir julle, die krag van God sou deur hierdie plek trek. Hierdie plek sou so droog van drank wees binne die volgende paar dae, 'n dranksmokkelaar sou homself 'n halfuur lank moes natmaak om genoeg vog te kry om te spoeg. Amen. Dis reg. Wat ons vandag nodig het, is 'n outydse Heilige Gees diens. Dit sal die probleem oplos. Amen. Sê dit nie vir 'n grap nie. Ek glo nie daarin om grappe te maak op die preekstoel nie, maar dis die waarheid. Amen. Ja, meneer.

168 Fundamenteel, sekerlik, hy's net so fundamenteel reg soos die volgende man was. Hy was net so fundamenteel reg, maar kyk nou. Balak, die koning, het gesê: "Nou, kyk hier oorkant." En hy het vir hom die agterste dele van Israel gewys.

169 Ek wonder of ons nie soort van gekyk het na hierdie mense wat Goddelike genesing preek, wat in die seëninge van God glo, die agterste dele nie. Ek glo ons het en gesê: "*Hierdie* man het weggeloop met *hierdie* man se vrou." Ek wonder of ons Baptiste en Metodiste nie dieselfde ding gedoen het nie, dit nie

net onderdruk het nie. Moenie vir my vertel nie. Ek was by julle. Dis reg. Ek weet dat dit waar is. Ja, meneer. Sekerlik. Laat ek vir jou vertel, broer, sonde is sonde, laat dit wees waar dit wil.

170 Soos hierdie ou klein moedertjie wat haar seun weggestuur het na die kweekskool om 'n prediker te word. O, goeiste. Dis alles reg. Ek glo dis 'n goeie ding. Dit is beslis, solank as wat daar 'n goeie geestelike kollege is, stuur hom weg. Maar wanneer jy hom na hierdie ou, koue, formele, lykshuise toe vat . . . Julle weet wat 'n lykshuis is: waar iemand dood is en hulle vat hom soontoe en pomp iets in hom in, om hom dood te hou. Dis net omtrent hoe dit is: haal al die God uit hom uit, en leer vir hom teologie, en stuur hom erger huis toe as wat hy was toe hy daar gekom het, dis reg.

171 Hier kom hierdie ou klein . . . Een van hierdie klein kweekskool . . . En die ou moedertjie het siek geword. Sy het longontsteking gekry en gedink sy sou sterf. Hulle het haar seun laat weet om huis toe te kom. As sy nie beter was binne die volgende vier-en-twintig uur nie, moes hy huis toe kom. Wel toe, toe . . . Die eerste ding waarvan jy weet, het sy ophou skryf. 'n Paar weke daarna, het die seun verlof geneem en huis toe gekom. Sy het geskryf, vir hom gesê sy was gesond. Hy het gesê: "Moeder, ek wil vir jou iets vra, liewe moeder." Gesê: "Wel . . . hoe het jy so gou gesond geword?" Gesê: "Wat het die dokter vir jou gegee?"

172 Sy het gesê: "O, skat, ek het iets om jou te vertel waarvan jy nie weet nie." Sy het gesê: "Jy weet hierdie sendingstasietjie hieronder in die dorp waar daardie groep, wat jy fanatici noem, aanbid?"

"Ja. Uh-hum."

173 Gesê: "Jy weet, ha- . . . daardie vrou het gehoor dat ek siek was, en sy het hiernatoe gekom. En die dokter het my klaar gesê daar was niks wat hy kon doen nie, altwee longe was ontsteek. Jy moet dit net verduur en hy . . . hulle het nie verwag dat ek deur die nag sou lewe nie. En sy het daarvan gehoor, en sy het hiernatoe gekom en gesê: 'Waarom laat jy nie ons pastoor, vir jou kom bid nie.' Gesê: 'Hy glo in Goddelike genesing.' Gesê: 'Wil jy nie . . . ?'"

"O," het sy gesê: "ek weet niks daarvan nie."

Gesê: "Laat my pastoor met jou kom praat."

174 So die pastoor het gekom. Hy het Markus 3:6 . . . Markus 16 vir haar gelees, en Dit het gesê: "As enige onder julle siek is," of sovoorts soos daardie, en wat om te doen: "en vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg. Hulle lê hande op die siekes en hulle sal gesond word."

175 En gesê: "Jy weet, hy het dit uit die Bybel gelees, en ek het gesê: 'Wel, as dit in die Bybel is, is dit waarheid.' So hy—hy het

vir my gebid en hande op my gelê. En skat, die volgende oggend was ek heeltemal gesond."

176 "O," het hy gesê: "Moeder, jy weet net nie." Gesê: "Daardie fanatici het nooit skool toe gegaan nie." Gesê: "Hulle weet nie waaroor dit alles gaan nie. Wel," gesê: "in die kweekskool het ons beter geleer as dit."

"O," het sy gesê: "jy het?"

Gesê: "Ja, ons het in die kweekskool geleer, Markus 16, van die 9de vers af aan, is ongeïnspireer. Dis nie eers geïnspireer nie."

Die vroutjie het gesê: "Prys God! Halleluja!"

Hy het gesê: "Moeder, wel jy tree soos een van hulle op." Gesê: "Die einste vermetelheid . . . "

En sy het gesê: "Wel, Halleluja, seun!"

Gesê: "Wat's fout, moeder?"

Gesê: "Ek het gedink. As God my kon genees met ongeïnspireerde Woord, wat kan Hy doen met dit wat regtig geïnspireer is?"

177 Amen. Dis reg. As Hy dit kon doen met ongeïnspireerde, wat van dit wat regtig geïnspireer is? Broer, Dis elke deeltjie geïnspireer. Ek sal my siel aan enige van Dit hang. Dis die waarheid, net die ding daarvan is, is ons traagheid wat nie God se vereiste in geloof wil nakom nie.

178 Kyk hier. Dan wil ek hê julle moet oplet net voor ek nou afsluit. Hier kom hierdie fundamenteles. Goeiste, hulle sou 'n vloek hierop plaas, hom die agterste deel wys. En so die profeet het weggegaan. Hy het sy gelykenis opgetel om die Gees te kry, en toe hy die Gees van God gekry het, het God gesê: "Moenie een ding sê behalwe wat Ek in jou mond sit nie."

179 Gesê: "Goed." En hy het teruggegaan na Moab, en hy het gesê: "Nou wys jy hom hoe lelik die koning was; hoe sleg hierdie—hierdie klomp fanatici daaronder is wat geglo het in Goddelike genesing, daardie koperslang daar vir genesing." Hulle het daarna gekyk wanneer hulle siek geword het, gesond geword. Ja, hulle het seën gehad. Hulle het na die rots toe gegaan wanneer hulle dors was en gedrink en net gejuig. Hulle het net vreeslik aangegaan. Dis reg, Vuurkolom wat oor hulle gehang het, God se seëninge wat net saam met hulle beweeg het.

Hy het gesê: "Sien hoe sleg is hulle?" Dis reg.

180 Maar toe die profeet teruggekom het, het God deur die profeet begin spreek. Hy het gesê: "Ek het geen ongeregtigheid in Jakob gesien nie. Ek sien hom nie van die agterste dele nie, want Ek het hom aanskou van die bergpiek af, en Ek het geen ongeregtigheid in Jakob gevind nie." Hoekom? Sy bevestiging was daar. Sy krag was daar. Daar was 'n geslaande Rots, 'n

koperslang, 'n versoening wat voor hulle uitgegaan het met 'n teken van God oor hulle, met tekens en wonders. Sien?

181 Dieselfde ding van Kain en Abel. Nou, nie fundamenteel nie; fundamenteel ook, maar tekens wat die gelowiges gevolg het: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg."

182 Reg saam met Jesus gekom. Kyk na Hom vir 'n paar minute. O, ek dink daaraan. Hoedat Hy, toe Hy gekom het, fundamenteel was in doktrine, al het dit nie saamgestem met die priesters in daardie dae nie. En onthou daardie priesters was nie skurke nie. Hulle was ordentlike manne. Hulle was heilig en vlekkeloos. Geleerdes? So goed soos ons vandag het (Reg.) en hulle het Jesus nie as die Seun van God herken nie. Hulle het Hom nie herken nie, omdat Hy wat gedoen het? Hy het hulle kerke opgebreek. Hy het hulle geloofsbelydenis afgekeur.

Hy het gesê: "Julle het julle tradisies geneem en die gebooie van God kragteloos gemaak, julle klomp slange in die gras." O, goeiste.

183 "O," het hulle gesê: "nou, ons kan dit nie duld nie. Almal wat gaan luister na sulke goed soos daardie, hy kan net sy kerkpapiere vat en wegstap." Dit het nog glad nie verander nie. Die sade kom reguit aan. Bome gaan net so aan. Hulle het Hom nie geglo nie, maar hoekom was Hy reg en die res van hulle verkeerd? God was met Hom. En toe, nadat hulle Hom gekruisig het, in Handelinge 2:4, Handelinge—Handelinge, ek bedoel, 2:24, het Dit hierdie gesê: "Julle manne van Israel," gesê: "laat dit aan julle bekend wees, Jesus van Nasaret, 'n Man deur God vir julle aangewys met tekens en wonders en kragte, wat God deur Hom gedoen het onder julle almal." Nou, dis hoe hulle geweet het Hy was 'n Man van God, want God was met Hom en het tekens en wonders gedoen.

184 Hulle het agteroor gesit en gesê: "Die dae van wonderwerke is verby. Daar's glad nie so-iets nie. Daardie kêrel is 'n gedagteleser. Hy's 'n fanatici. Wel, daar's niks aan hom nie, hy stem nie eers saam met ons kerke nie. Hy behoort nie aan enige van hulle nie." Dank God daarvoor. Hy het gebly waar God Hom wou hê. Het geen verskil gemaak nie, Hy het die Evangelie sonder toegewing verkondig. Hy het, soos Johannes, die byl teen die wortel van die boom gegooi, die spaanders laat trek waar hulle wou. Wat ons vandag nodig het, is nog 'n prediker soos Johannes die Doper (Amen.) wat die byl teen die wortel van die boom sal lê, en dit op die lyn sal lê. Kom in lyn met God se Woord of kom uit die lyn uit. Amen.

185 Jy oplyn, sal God dit bevestig met geestelike tekens en wonders soos Hy gesê het Hy sou. Maar vandag het ons teologie aanvaar. "Wel, nou, ons weet 'n bietjie beter. Ons is nie daardie soort fanatici nie, en—en ons—ons is so." Sien, dit net alles

wegverduidelik, Bloed en al die res, krag, tekens, wonders; en hier het julle niks, niks meer as 'n losie nie. Dis reg.

186 Laat ek hierdie sê met eerbied. Ek het by een van julle groot kerke verbygegaan vanmôre, hier in die stad. En daar het gestaan, vir my gelyk, soos, asof die kerk vol was, twintig of dertig persent van die lidmate wat buite staan en sigarette rook het terwyl hulle wag tussen die dienste.

187 En ek het nou die dag 'n Baptiste prediker hoor sê, wat 'n goeie vriend van my is, Dr. Schafer, 'n dierbare, goddelike, geliefde broer. . . En ek sê nie net van die Baptiste nie, die Metodiste het ook daardie soort. My mede-pastoor, van my kerk, is 'n Metodis van Asbury Kollege. Hy's 'n goddelike, wedergebore, Heilige Gees-vervulde man. Ja, meneer. En ou Mordecai F. Ham, en baie van daardie ou Baptiste, was gevul met die Heilige Gees. Hulle is, beslis. God wees ons genadig. . .

188 Wel, daar oorkant in Kentucky, toe ons Baptiste die Heilige Gees gekry het, het ons Dit nie gekry soos julle almal nie. Julle loop almal nader, en skud hand met die prediker, en word gedoop, en skryf julle naam op die boek. Ons het neergekniel by die altaar en mekaar op die rug geslaan, tot ons deurgekom het. Ons het iets gekry, broers. Ja, meneer. Dis reg. Dis wat ons vandag nodig het, is nog 'n paar Baptiste soos daardie.

189 Hierdie Baptiste prediker het gesê, wat hier reg voor my sit, broer, het gesê: "Tien van my lidmate is totale dronklappe en lidmate van hierdie kerk. Party van hulle lewe saam met ander mans se vroue en alles." Gesê: "Wat as ek hulle probeer uitsit het?" Gesê: "Julle lidmate sal my uitsit." Dis hoe dit vandag gaan. Denominasies breek. God trek Sy mense daaruit, om 'n Kerk gereed te maak. Halleluja! Die einste woord *kerk* beteken: "die uitgeroeptes."

"Kom uit onder dit uit, my mense. Sonder julle af, sê God, en Ek sal julle ontvang."

190 Jy kan nie inry op jou denominasie nie. Denominasionele kerkeeu is net soos Moses, dit het gefaal in verheerliking. Moses het homself verheerlik in plaas van vir God en het gefaal, maar Josua was reg by hom die hele tyd, wat vir Israel oorgeneem het na die beloofde land toe. En vandag het die kerkdenominasie verheerlik wat die meeste lidmate kan kry, en wat *hierdie* een kan laat aansluit, en "nog 'n miljoen in vier-en-veertig," al hierdie verskillende slagspreuke en sulke dinge, en wat het jy wanneer jy hulle het? Halleluja!

191 Maar Josua die tekens, en wonderwerke, en kragte, wat die heeltyd by die Kerk was, en julle is bang om dit los te laat. Dis die ding wat die Kerk in die Heerlikheid in sal neem in die Wegraping. *Halleluja!* Moenie bang wees nie. Dit beteken: "Prys ons God." Sien? Nee, dit sal julle nie seermaak nie.

192 Let op, broer. Hier nie lank gelede nie, was ek bo in Brits-Colombië, toe ek teruggekom het van Afrika af. Broer Bosworth, ek was so moeg, ek kon skaars regop staan. Hulle sou my op 'n reisie neem daarbo. Ek sou by Dawson Creek preek vir die Indiane en Eskimos. Hulle het geweet ek was 'n jagter en het gehou van jag. Ek sou in die berge ingaan daar. Ek sou alleen by God uitkom, waar ek kan aanbid.

193 Hier 'n tyd gelede het ek bo in die berge in Colorado gesit. Ek het elk gejag, en dit was vroeg in die herfs, en die sneeu het nog nie gekom om die elk te laat afkom nie. Ek het daarbo gesit, en, o, hoe my hart gebrand het vir God. Ek was omtrent vyf-en-dertig, veertig myl van die beskawing af, omtrent vyf perde opgepak. Was daar op my eie, en ek het aangestap. Het 'n storm gekom. Dit sou 'n tydjie reën, en 'n tydjie waai, 'n tydjie vries, son sou uitkom; en julle weet hoe dit is in die herfs van die jaar in die berge.

194 Ek het daar geloop met my geweer. Daar het 'n groot reën gekom. En ek het agter 'n boom ingegaan in 'n ou windval en daar gewag tot die reën verby was. Ek het daar gestaan, my kop onderstebo, en God geprys. Ek het gesê: "O God, hoe wonderlik. U is God van die berg. U is die God van die vallei. U is oral."

195 Die storm het losgebars. Na 'n rukkie was die wind so koud. Ek het gekyk, die son het deur die skrefies in die berg daar oorkant geloer, en net waar die immergroen bome gevries het, het 'n groot reënboog oor die vallei gekom. O, goeiste. Ek glo God is oral, en julle? Ek het daar uitgekyk, en ek het daardie reënboog gesien. Ek het gesê: "Ja, Here. Hier is ek ver in die berge. Ek sien U daar oorkant in daardie reënboog. Sekerlik. U het 'n verbond gemaak. Ek het vir Jesus in Openbaring 1 gesien, wat sit, om na te kyk soos Alfa en Omega, die Eerste en die Laaste, die reënboog oor Hom, 'n verbond. O!" Ek het begin juig.

196 Onmiddellik, het ek 'n ou grys wolf *hierbo* hoor huil. Onder in die vallei het die maat dit geantwoord. My moeder is 'n baster, 'n Indiaan. Daar's net genoeg in my om my te laat lief wees vir die diepte wat uitroep na die diepte in daardie wildernis. En ek het die elktrop *hier* onder gehoor, en die—die ant-. . . maat se antwoord *hier* oorkant. O, ek het begin skree en huil. Ek het gedink: "O God, laat my hier bly vir altyd. Laat my hier bly. Hier is waarvoor ek gebore is. Laat my hier bly." Luister na daardie ou wolf wat daar oorkant huil. Iets in my wat roer, gedink: "O, hoe glorieryk, hoe wonderlik. O God, U woon hierbo op hierdie berge."

197 Omtrent daardie tyd het ek 'n ou denne-eekhorinkie gehoor. Weet nie of julle weet wat hulle is nie, 'n ou kêreltjie soos *daardie*, die raserigste ding in die woude. Hy het op 'n ou stompie gesit en gegaan: "Babbel, babbel, babbel, babbel. Babbel, babbel,

babbel," asof hy my sou verskeur. Ek het gedink: "Waaroor is jy so opgewonde, kêreltjie?"

198 En omtrent daardie tyd, onder die wind-. . . daardie ou windval uit, het 'n yslike groot arend gekom. O, wat 'n majestieuse, groot voël was hy. En hy het daar gesit, en daardie groot fluweel-oë wat so rondkyk. Ek het gedink: "Wel, dis waarvoor hy so bang was." Ek het gedink: "Nou, Here, ek wat hier staan om U te aanbid, luister na die wilde roepe en U aanbid, wel, hoe kan U ooit wees . . .?"

199 Ek glo God is oral. Jy kan Hom oral sien waar jy wil kyk. Hy's net oral. Hy's net so tasbaar as wat die lig nou net hier op my hand is. En ek het gedink: "Wel, waarom het U daardie arend voor my gesit? Hy's 'n aasvreter, en waarom—waarom sou daardie arend hiernatoe kom om hierdie te onderbreek?" Ek het gedink: "Wel, God, ek gaan kyk: is enigiets goed aan daardie arend?"

200 Ek het daardie arend daar sien staan, julle weet. En hy het my dopgehou. Ek het gedink: "O, hy's bang vir my." Ek het gesê: "Haai, jy weet ek kan jou skiet?" Daardie groot oë geflits, en na my gekyk. Hy was nie bang vir my nie, en ek het geweet hy was nie bang vir daardie ou eekhorinkie nie. So hy het net daar bly staan, en kyk soos *daardie*. Ek het gedink: "Wel, wat maak jou so dapper? Ek kan dit nie verstaan nie."

201 Ek het gesê: "God, ek weet U hou van dapperheid. U hou van mans wat sal staan op hulle oortuigings. Staan daar; wanneer jy weet jy's reg, bly." En ek het gesê: "Ek weet U hou van dapperheid. Wat maak daardie arend so dapper? Ek weet hy's dapper. En hoekom is . . .?"

202 Ek het gesê: "Jy weet ek kan jou skiet?" Wel, hy het geweet ek het nie 'n kans nie. My geweer het teen 'n boom gestaan. Ek het my hand *so* op my geweer gesit. Ek het hom na my sien kyk, daardie groot oë geknip. Ek het gedink: "Wel, waarom is jy so dapper?"

203 Toe het ek opgelet, hy beweeg die heeltyd sy vlerke. Ek het gesê: "Ek sien." Hmm. God het hom twee vlerke gegee, en hy het geweet daardie vlerke, omtrent een groot sprong en 'n paar klappe, sou hy buite my bereik wees. Hy het daardie vlerke vertrou. Hy het geweet daardie vlerke sou hom daarvanaf wegdra. En solank hy daardie vlerke daar kon voel, het hy nie omgegee hoeveel ek my hand op my geweer gesit het, of hoeveel daardie woud, ou eekhorinkie, gebabbel het vir hom daar nie. Hy het nie omgegee nie, want God het vir hom twee vlerke gegee en hy het dit vertrou.

204 Ek het gedink: "En dis waar. Maak nie saak wat die duiwel sê nie, solank ek die Heilige Gees om my kan voel, gee ek nie om wat hulle sê nie." Halleluja! God seën julle hart. God het my die Heilige Gees gegee om alles mee te ontsnap, selfs—selfs alles tot

selfs die dood jou nie kan seermaak nie. Halleluja! Ek sal eendag wegvlieg.

205 Ek het hom daar opgelet. Ek het gesê: "Prys God vir die arend." Ek het na hom gekyk soos daardie. Hy het moeg geword van daardie ou eekhorinkie, wat daar gesit, en babbel het. Hy het geweet ek was ek was sy vriend, hy . . . was niks wat hom sou seermaak nie. En hy het na daardie ou eekhorinkie gekyk. Hy het net moeg geraak vir hom, hy het net 'n baie groot sprong gemaak soos *daardie* en hy het omtrent twee klappe gegee. Weet julle wat het hy gedoen? Hy het net sy vlerke gestel, en voor jy jou kom kry, het hy net begin opstyg. Hy het nooit sy vlerke geklap nie. Hy het net sy vlerke gestel, en elke keer wat daardie lugstrome sou inkom oor daardie berg, sou hy net opry, opry.

206 Ek het daar gestaan en huil soos 'n baba. Ek het gesê: "O God! Dankie, Here. Prys die Here." Wel, as iemand daar was, sou hulle gedink het hulle het 'n mal man uit die inrigting uit daarbo. Om, om, om die boom het ek gegaan so vinnig as wat ek kon gaan, en geskree so hard as wat ek kan. Wel, ek het nie omgegee wat enigiemand dink nie. Ek het God aanbid. Maak geen verskil vir my nie, ek het in elk geval so elke nou en dan 'n klein hart-uitinkie, jy . . . so ek . . . soos daardie, julle weet, van aanbidding.

207 En ek het gedink: "O, kyk na daardie groot kêrel. Hy klap nie en probeer, en klap, en probeer, soos 'n klomp van ons mense: 'Wel, die Metodiste behandel my nie reg nie, ek sal neem en na die Baptiste toe oorgaan. Die Baptiste my nie reg behandel nie, sal ek oorgaan na die Pinkster toe,'" en jy dra net jou brief van plek na plek nie. Jy het dit opgebruik. Waarom sit jy dit nie in die Hemel, vergeet daarvan nie? Reg.

Maar wat hy gedoen het, hy het nooit sy vlerke geklap nie. Hy het net geweet hoe om sy vlerke te stel en op die krag te ry wanneer sy inkom.

208 Ek het gedink: "O God, gee ons geloof om te weet hoe om ons vlerke in U krag te stel, en net weg te ry van hierdie aardsgebonde gebabbel, babbel wat sê, ou eekhorinkie wat daar sit: 'Babbel, babbel, babbel: Dae van wonderwerke is verby. Glad nie so-iets soos Goddelike genesing nie; glad nie so-iets nie. Die apostoliese dae is verby.'"

Hy het net aanhou wegry daarvanaf, nie geklap nie, net sy vlerke gestel. Hy het net aangery.

209 Ek het gedink: "God, as dit nie eg is nie, het ek dit nog nooit gehoor nie." Ry weg daarvanaf. Stel net jou vlerke. Wanneer die krag van God inkom, ry op daarmee, die krag van God inbeweeg, ry op daarmee. Voor jy jou kom kry, kan jy nie eers hulle geluid hoor wat sê: "Wel, as jy nie aan ons kerk behoort nie, kan jy . . . nie hieraan behoort nie, kan jy nie . . ." Jy hou net aan wegry daarvanaf, ja, aan en aan en aan en aan. Goeiste, hoe wonderlik.

210 Op pad onder deur Brits-Colombië, het ek 'n ou groot grysbeer gejag. Ek was elfhonderd myl van 'n hardepad af, en ek was ver daar agter in, en ek moes omdraai. Ek het gedink: "Ek sal my pad uit vind, gee my net genoeg tyd, so ek het net . . . en God is my Helper." Ek het verdwaal daaragter en dit het begin donker raak.

211 Ek het gesê: "Wel, ek weet in watter rigting om te gaan. Jy het een klein plekkie om te vind." So ek het weggespring, en ek was baie laat; die maan het al uitgekom. En ek het verby 'n ou afgebrande area gegaan, en ek het gedink: "Is dit nie vreemd nie?" En die maan was uit, en meteens toe ek verbygegaan het, gelyk soos, dit het spookagtig gelyk, yslike, groot, ou geskroeide bome waar die vuur hulle gebrand het. Eenmaal was hulle groot hoë denne. Trek nou jou baadjie aan. Groot hoë denne het daar gestaan, lewendig en het dinge gedoen, maar die vuur het gekom en hulle almal afgebrand. En ek het gedink: "Here, waaroor—waaroor gaan dit alles?"

212 En dadelik, het ek my perd gestop en dit vasgemaak. Dit was omtrent nege-uur in die aand. Ek het rondgekyk, die maan het op daardie ou geskroeide bome geskyn, my laat dink aan 'n grafsteen iewers in 'n begraafplaas. En die wind het begin afkom uit die hemel, gewaai en die treurigste geluid gemaak: "Whoooh!"

213 Ek het gedink: "O, wat 'n spookagtige plek." Ek het rondgekyk soos *daardie*. Ek het gedink: "Wel, goeiste. Ek nie . . . Wel, kyk daar. Nou, waarvoor stop U my hier, Here?" Ek het oral rondgekyk.

Ek het gedink: "Wel, dis reg."

214 Ek onthou Joël het gesê: "Wat die kaalvreter laat oorbly het, het die treksprinkaan verslind. Wat die treksprinkaan laat oorbly het, het die afknyper verslind, en wat een laat oorbly het, het die ander een verslind, en so aan, tot hulle dit alles opgevreet het." Hy het gesê: "Sal hierdie ooit weer lewe? Sal hierdie ooit gebeur?"

Ek het gedink: "Dis waarvan Joël gepraat het," en ek het toe gedink.

215 Ek het begin oplet en sien. En toe het die wind weer gekom en "Booo." Ek het gedink: "Dis net hoe ons kerke geword het." Jare gelede het die Metodiste en Baptiste groot ou herlewings, en genesingsveldtogte gehou. En julle Metodiste, moenie vir my vertel nie, ek het julle geskiedenis gelees. Toe die Metodiste, toe Wesley hier was, kon hy nie in plekke inkom nie; hy moes ook plekke soos hierdie kry, in skooltjies, waar hy kon kry, omdat die groot stywe kerke alreeds van God afgedwaal het.

216 Wesley het 'n herlewing gehad. En die mense sou op die vloer val met die doop van die Heilige Gees. Hulle sou water in hulle gesig gooi, en hulle koelwaai; hulle sou heelnag op die vloer lê.

Jammer julle het die beker water gehad, hulle mag deurgekom het. Sien? En dan het hulle die water in sy gesig gegooi en hom geskud. "O, hy het flou geword, hy het flou geword." Die Heilige Gees wat met hom werk; was net nog nie die eeu om hierdie dinge te weet nie, julle sien. En daar was hy.

217 Wat 'n herlewing het hulle nie gehad nie, en niemand kan sê hulle het nie 'n herlewing gehad nie. Hulle hét 'n herlewing gehad, en daardie groot bome staan vandag, sê: "Ek's 'n kerk. Moenie vir my sê nie. Ek word erken in die regering van die Verenigde State." Maar wat het jy? Jy's dood, geskroei. Net die tekens van wat jy was, en elke keer wat God daardie Heilige Gees geweldige rukwind afstuur deur die kerk, wat sê . . . dan sal julle gaan en sê: "Whoooh. Dis dae van wonderwerke is verby. Daar is glad nie so-iets soos Goddelike genesing nie. Whoooh, dis spiritualisme. Dis die duiwel. Whoooh, moenie na daardie ou goed gaan luister nie. God genees nie meer die mense nie. Dae van wonderwerke is verby."

218 En al wat die Heilige Gees doen deur so deur hulle te waai, is niks anders in die wêreld as om hulle te laat kla en steun en aangaan nie. Oo, broer, dit het beslis afgegaan, het dit nie? Ek het dit reg tot by die kern voel afgaan. Dis waar ek wil hê dit moet gaan, goed.

219 Nou, maar ek wonder wat kan jy dan doen? Dis al wat dit doen. Maar toe het ek gedink: "Here, U het gesê: 'Ek sal herstel, sê die Here,' in Joël." Toe het ek rondgekyk en onder daardie bome, het nog 'n klomp bome opgekom, baie klein ou boompies, wat opgekom het soos *hierdie*, denneboompies en al die soorte. En wanneer daardie wind laag genoeg afgegaan het om hulle te vang, broer, het hulle nie styf en formeel daar gestaan nie. Hulle het net beweeg saam met die wind, hulle het lewe in hulle gehad, net gespeel en gejuig.

220 Ek het gesê: "Halleluja! Ek sal herstel sê die Here. Ek sal 'n ander kerk oprig. As hulle styf raak en die krag van God ontken, sal Ek iets oprig wat Dit sal ontvang." Halleluja! Sjoe. Amen.

221 Julle mag dink ek is mal. Maar as ek is, los my net uit. Ek's gelukkig so. Ek's beter so, as wat ek was, toe ek in die wêreld was. So los my net uit. Ek's reg. Ek het nog nooit iemand seergemaak nie.

222 Luister, broer, as jy hierdie gehad het, sou jy geweet het waarvan ek praat. Dis reg, die Heilige Gees wat waai. Hulle is nie styf nie. "Wel, nou, ek glo nie in daardie soort goed nie. Whoooh." Wel, daardie kleintjies was net so—net so rats, en hulle het net toegegee aan die wind, en dit het gewaai. Hulle het gejuig en gespeel. En ek het gesê: "Dit lyk soos 'n goeie, outydse, Heilige Gees-herlewing. Dis presies reg. Wat reg onder die Metodiste en Baptiste en almal opkom, God het gesê: 'Ek sal herstel, sê die Here.'"

223 Daar het gekom 'n. . . O, broer. Wat die kerk vandag nodig het: Nie wegkom nie. Elke keer wat 'n kerk weggaan van die fenominale, weggaan van die geloof wat eenmaal oorgelewer is aan die heiliges, sit God hulle net reguit terug op die rak, beweeg uit, en tel iemand anders op, en gaan net reguit aan. Dis presies.

224 Bestudeer die kerk geskiedenis. Vind uit of hulle ooit 'n herlewing gehad het in enige tydperk, waar hulle nie wonderwerke, tekens, Goddelike genesing, krag van God, gehad het nie. In elke herlewing, en sodra daardie kerk, of 'n paar dekades of 'n paar rondtes—rondtes van hervormers gekom het, hulle dit gevolg het, het die kerk formeel geraak. God het dit op die rak gesit en iets anders opgerig. Dis presies. En hier is ons vandag. Wat is dit? Die boom kom op, die boom. Goeiste, hoe belaglik lyk dit nie vir die mense nie.

225 Net nog 'n opmerking as julle my 'n oomblik sal verskoon. Iets het in my gedagte opgekom. Eenkeer sou God 'n paar mense verlos onder in Egipte. Hy het 'n ou man daarbuite gehad, tagtig jaar oud, agter in die agterkant van 'n woestyn, genaamd Moses. Een oggend het hy opgekom en rondgeloop. Hy was 'n ou. . . Hy was afvallig. Hy was uit daaragter en het met 'n Ethiopiese vrou getrou, hulle het 'n paar kindertjies gehad. En—en so was hy uit daaragter, besig om die skape bymekaar te maak een oggend, en die Here te prys, en die Here het vir hom 'n brandende bos gewys. Hy het gesê: "Nou, kyk Moses. Ek gaan jou afstuur na Egipte. Die grootste gemeganiseerde eenhede in die wêreld, die magtigste weermag in die wêreld, Ek gaan jou soontoe stuur om oor te neem."

"Wel," het hy gesê: "Here, ek kan nie gaan nie. Ek het niks om mee te gaan nie."

Gesê: "Wat het jy in jou hand?"

Gesê: "'n Stok."

226 Hoe klein. Hoe betekenisvol. Wat's vandag in jou hand? Jy het dalk nie eers 'n stok in jou hand nie. Jy kan getuig. Jy kan sing, of jy kan traktaatjies uitgee. Jy kan iemand daarvan vertel. Wat ook al in jou hand is, gaan uit en doen iets daaraan. Beweeg. Kom ons kom aan die gang. Kom ons kry die herlewing aan die gang. Kom ons vul hierdie sitplekke. Kry mense gered, gevul met die Heilige Gees. Kry die kerke opgebou hierrond en aan die brand. Al die Metodiste en Baptiste en almal van ons, kom ons bou op. Kom êrens vir God. Sekerlik.

Moses het gesê: "Dis net 'n stok, Here."

227 Hy het gesê: "Goed. Nou, gooi jy dit uit jou hand uit." Nou, in Moses se hand was dit nie veel nie, maar toe dit in God se hand beland het, het dit 'n oordeelstaf geword.

228 Die klein seuntjie het eendag vyf vissies gehad in—in. . . In sy hand was dit nie veel nie. Maar toe dit in Jesus se hand beland

het, het dit vyfduisend gevoed. Dis nie te veel in jou hand, wat jy het nie, maar gee dit eenkeer vir Hom. Watter klein talentjie jy ook al het, gee dit vir Hom. Vind uit wat dit sal word in Sy hand. Ja.

229 Moses het gesê: "Goed, Here, ek sal gaan." En kan julle julle voorstel? Kom ons kyk na 'n dramatjie. Hier kom die volgende oggend, 'n ou man, tagtig jaar oud, wangbaarde wat afhang omtrent soos *hierdie*, ou maer liggaampie, met 'n krom stok in sy hand, 'n ou klein muiltjie lei, met 'n vrou wat daarop sit met twee kleintjies op elke heup, 'n kleintjie op elk-. . . Hier gaan sy af Egipte toe.

Ek hoor iemand sê: "Moses, waar gaan jy heen?"

"Prys God. Ek gaan af Egipte toe om te gaan oorneem."

"Oor te neem. Oor te neem. Belaglik." Hulle sou sê: "Wel, hulle het 'n miljoen opgeleide soldate."

230 "Maak geen verskil nie. God het vir my gesê om hierdie stok te neem, en af te gaan, oor te neem. God het so gesê. Ek gaan dit doen." Wel, dit het belaglik gelyk, maar hy het dit gedoen. Halleluja! Hoekom? God neem die belaglike om Sy kragte te bewys. Halleluja! Dis wat ek glo. God neem die dinge wat *nie* is nie, en bring dit wat wel *is*, tot niks. Amen. Hy doen dit beslis.

Sê: "Hoe gaan Hy dit doen hiermee? Hoe. . . ?" Dis nie ons besigheid om te bevraagteken nie; dis ons besigheid om te gehoorsaam.

231 Simson wat daarbuite gestaan het, eendag het die Filistyne hom agtervolg. Hy het geweet hy was gesalf. Hy het geweet hy is gebrandmerk o-. . . gebore onder Nasareense geboorte. En die Filistyne was op hom. Gesê: "Die Filistyne is op my." Hy het rondgekyk, en wel, hy was nie 'n kryger nie. Hy het nie—hy het nie geweet hoe om 'n swaard te gebruik nie, so hy het net 'n kakebeen van 'n muil gevind. En hy het daardie kakebeen van 'n muil opgetel, en die Gees van God het op hom gekom, en hy het 'n duisend Filistyne doodgeslaan. Amen. Wat? Die Gees van God het op hom gekom. Dis wat die verskil gemaak het.

232 Ek het eenkeer in 'n voetbalstadion gepreek, en terwyl ek ingegaan het, die ding was volgepak, en ek het ingegaan, gekyk. Het 'n bordjie bo die deur opgehad, gesê het: "Dis nie die grootte van die hond in die geveg nie, dis die grootte van die geveg in die hond." Dis 'n goeie idee. Dis nie die grootte van die hond nie, dis die grootte van die geveg.

233 Broer, julle wetlikes hier wil dit "regverdige verontwaardiging" noem. Kom ons begin. Halleluja! Raak opgewonde oor hierdie ding en gaan hier uit en sê: "God, U is werklik, en U is my Verlosser, en ek wil U dien en ek gee nie om wat die mense sê nie. Ek gaan U in elk geval dien." Gaan uit en doen iets daaraan. Sekerlik.

234 Ek sien vir ou Samgartjie daar in die Bybel. Baie selde wat jy enigiets van hom weet. Ou klein, weet nie veel van hom af nie. Daar het hy, daarbo gesit. Die Filistyne het ingekom, en daar was geen rigters in Israel nie, en hulle het net enigiets gedoen wat hulle wou. Amper soos die kerke vandag is.

235 Goed, en voor jy jou kom kry, sou die Filistyne inkom. Ingekom en alles gevat wat hulle gehad het om te eet. En hier staan klein Samgartjie daarbuite. Hy sou. . . Die vorige jaar het hulle alles gevat wat hy gehad het, en hier het hy daar gestaan, sy arme, klein vroutjie wat daar staan, en haar moue afgerol, en sy kindertjies kaalvoet, kan ek my voorstel, wat daar staan. Hy het 'n bietjie graan gekry. Hy het heel somer lank gewerk. Gesê: "Wel, liewe vrou, ek reken ons sal dalk nie hierdie winter doodgaan van die honger nie, as daardie vervloekte Filistyne net sal wegbly. Ons het nou genoeg koring. Ons kan vir die kindertjies bietjie koring gee, en 'n bietjie brood, en hier is bietjie gort. Ons het 'n bietjie pap vir ontbyt. En ek reken alles sal reg wees. Skat, ek's net so jammer. Jou arme ou armpies lyk so sleg, en jou klere is gedaan. Miskien kan ek 'n bietjie verkoop en—en vir jou klere kry."

236 Net daarna iets gehoor: "Thomp, thomp, thomp, thomp." Dis net hoe dit met jou gaan wanneer jy dink jy het jou kerk aan die gang gekry met die geestelike, hier kom die duiwel, stuur iets in. Dis presies hoe hy dit doen. Dis reg. Moet jou nie aan hom steur nie.

237 Hier het hy by die venster uitgekyk, die skuurdeur oopgemaak en gekyk, en daar het seshonderd gewapende manne aangekom, groot, vet kêrels wat nader stap, wapenrustings en skilde, wat oorgestap kom om Samgar se kos te vat en dit terug te neem soontoe. Hy het gekyk, en hy het na sy vroutjie gekyk. Ek kan die trane teen sy wange sien afloop. Hy het rondgekyk. "Wel, as ek 'n wapenrusting en spies gehad het. Wat is ek? Ek's 'n boer. Ek kan nie teen hulle veg nie, en kyk, ek's in die minderheid. Daar's seshonderd teen my een. Wat kan ek doen? Maar wag 'n bietjie. Ek's 'n Israeliet. Ek's besny. Ek's in die verbond van God." Halleluja!

238 Die kanse vir Goddelike genesing is teen jou. As die kanse van outydse verlossing teen jou is, watter verskil maak dit? Ons is besny. Die Heilige Gees het die Gees van God geneem en die wêreld weggesny.

239 Hy het daar uitgekyk, en hy het dit gesien, en sy regverdige verontwaardiging het opgekom. Hy was nie 'n—hy was nie 'n—'n kryger nie. Hy het nie tyd gehad om weg te gaan skool toe en te oefen om hierdie Filistyne te beveg nie. Hy het niks daarvan geweet in die eerste plek nie; so hy het net die eerste ding gegryp wat hy gehad het, of, beetgekry het, en dit was 'n osdrywerstok. Weet julle wat 'n osdrywerstok is? Dis 'n groot stok met 'n stuk

koper vooraan. Slaan die goed van die ploeg af wanneer dit vassteek, of slaan die beeste en laat hulle deur die hek gaan. Hy het daar uitgespring in die middel van die pad, hiermee: in die wete dat hy 'n kind van God was. Hy was nie 'n kryger nie. Hy was nie 'n prediker nie. Hy was nie *dit*, *dat*, of die *ander* nie; net soos jy vandag is.

240 Jy sê: "Laat die prediker die preekwerk doen. Laat hy die herlewing bring." Jy moet dit ook doen. Begin 'n biduur in jou huis. Verbrand daardie kaarte waarmee jy so speel. Haal daardie bier uit die yskas uit. Laat ons 'n herlewing begin. Reg. Ja, meneer.

241 Hy het daardie stok gegryp, en daar uitgespring in die middel van die pad. Die Gees van God het op hom gekom, en hy het seshonderd Filistyne doodgemaak. Halleluja!

242 Julle gaan my 'n holy-roller noem hierna, nie waar nie? Maar ek voel baie goed. As dit dit kos om in die Hemel te kom, dan wil ek dit wees. Ek's nie 'n holy-roller nie. Nee, meneer, en ek het nog nooit in my lewe een gesien nie. Ek het die sewe oseane bevaar, drie keer om die wêreld, en ek het nog nooit 'n holy-roller gesien nie. Ek het mense gesien wat in heiligheid glo, maar ek nooit 'n holy-roller gesien nie, nog nooit in my lewe een gesien nie. En al die dienste waarin ek was en gepreek het, en ek reken ek ken vandag, of, direk of indirek, tienmiljoen mense, nog nooit 'n holy-roller gesien nie. Julle weet wat ek bedoel. Nog nooit enige kerk gesien wat genoem is, of, hierbo in—in die regering bestempel is nie, daar was negehonderd-en-iets, iets-oor-die-sestig verskillende kerke, ek het nog nooit 'n holy-roller naam op enige van hulle gesien nie. Net die duiw-. . . Dis 'n naam wat die duiwel aan die kerk gekoppel het. Dis presies. Wanneer 'n man verlos word, sê hulle hy's 'n holy-roller, die duiwel se merk, presies.

243 Nou, let hierdie op, vriende. Jesus is verwerp. Goed. Toe wat het. . . ? Kom ons kyk na die groot Paulus. Nou, kom ons bring hierdie lyn op. Kyk. Kom ons stry vir die geloof wat wát was? Eenmaal oorgelewer is aan die heiliges: tekens en wonders. God het Sy Kerk die heeltyd bevestig met wat? Nie lidmaatskap nie; tekens en wonders. Is dit reg? Nie wie die grootste skare het nie, wie die mees fundamenteel in doktrine is nie; maar tekens en wonders, dis waarin God was.

244 Kyk nou daarna. Daar's jou saad in Genesis. Kyk nou daarna. Waar is ons? Ons is in Openbaring. Dit versprei. Dertiende hoofstuk van Mattheüs het gesê: "Die saaier het koring gesaai en 'n sommige ander het onkruid gesaai." Gesê: "Laat hulle altwee saam groei."

245 Kyk. Ons sê altyd hoe sleg die wêreld is, hoe die dranksmokkelhuise, en whisky, en wettige drinkery, en dobbelary, en prostitusie, alles aangaan. Ons praat altyd

daaroor, maar julle vind nie uit nie: kyk waar die Kerk ook is. Halleluja! Ons beweeg reguit op. Tekens en wonders verskyn oral. Sy gooi ook saad uit. Ons is amper daar. Moenie bekommerd wees nie. Die oes gaan binnekort begin.

246 O, dank God vir die Kerk. Ja. Watter Kerk, Broer Branham? die wedergeborenes. Is dit die Metodiste? Dis ons almal (Amen.) wat wedergebore is. Dis elkeen van ons. Metodiste, Baptiste, Presbiteriaan, Pinkster, Katoliek, wat ons ook al is, as ons gebore is uit die Gees van God, is ons seuns en dogters van God. Ons glo in die fenominale. Ons glo in Goddelike genesing. Ons glo in die krag van God. Ons aanvaar dit. Ons sien Hom tekens en wonders doen.

247 Nou, kyk, laaste opmerking. Nou, is ons in Openbaring, aan die uitgaan. Kom ons luister na wat Paulus gesê het. "Weet dit, dat daar in die laaste dae (dis die einde, is dit nie?), swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees."

"Ek's van die *so-en-so*."

"Liefhebbers van hulleself, trotsaards, grootpraters, bandeloos, wreed, sonder liefde vir dié wat probeer goed doen." Sien?

"O, ek sal jou nou sê, Broer Branham. Dit het kommuniste beteken."

248 O, nee. Dit het fundamentalis beteken: "Wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou van sulke mense af,want uit hulle is dié wat van huis tot huis rondsluip en arme vroue gevange neem," saam met allerhande verenigings, en naaldwerk, en stik en naaldwerk, en praat van Mejuffrou *So-en-So*. En een of ander ou haan opkook en dit verkoop om die prediker te betaal. O, goeiste. Betaal julle tiendes, julle sal nie dit hoef te doen nie, en neem God net. . . En al hierdie ander dinge soos hierdie: "Wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën; keer jou van sulke mense af." God, wees ons genadig.

249 Christene, ek probeer julle nie seermaak nie. Ek probeer julle geloof stimuleer. Moenie enige aandag gee aan wat enigiemand vir julle vertel as dit teenstrydig is met SO SPREEK DIE HERE nie. Kyk. God het nog altyd, van Genesis af, het Hy die saad daaronder geplaas. Kyk hier vandag. Kyk na die mense wat kerk toe gaan. Nou, sit op julle dinkpet. Ek sluit af. Sit 'n dinkpet op.

250 Kyk nou regdeur die Bybel na hierdie twee stingels. Hier kom hulle op, albei van hulle: Kain en Abel. Albei van hulle was aanbidders. Albei van hulle was gelowiges. God het *hierdie* een bevestig, *hierdie* een verwerp. Maak nie saak hoe fundamenteel hy was nie, Hy het hom verwerp, want hy het nie tekens gehad nie. Opgekom deur die Israelitiese tydperk. God. . . Albei van hulle fundamenteel, albei van hulle wat daar gestaan het, een net so Skriftuurlik as die ander een. God het *hierdie* bevestig met

tekens en wonders, *daardie* een verwerp, net so fundamenteel as *hierdie* een hier, maar hom verwerp as gevolg van tekens en wonders. Dis uitverkiesing en roeping, altyd, van God. Kom reguit op.

251 Kyk na Jesus se dag. Hier het hulle opgekom: Jesus, ook fundamenteel. So ook die Ortodokse priester. Maar Hy het hulle verwerp, vir Jesus aanvaar, Hom bevestig met tekens en wonders, het die Bybel gesê. Dis hoe ons weet Hy was 'n Man van God. Hy . . . die fenominale het Hom gevolg: tekens en wonders.

252 Nou, die groot Paulus. Glo julle hy was gesag? Sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Groot Paulus het gesê: "Nou, wag 'n oomblik. Ek skryf hierdie in die Bybel: 'In die laaste dae sal hulle net so fundamenteel wees, met 'n gedaante van godsaligheid, maar hulle gaan die krag verloën van die funda- . . . van hierdie groot krag *hier* oorkant. Dit gaan 'n vorm van godsaligheid hê. Hulle gaan net so korrek in die Skrif wees as die res van julle. Hulle gaan in God glo, die tweede Koms van Christus. Hulle gaan in dit alles glo. Hulle gaan goeie kerke hê. Hulle gaan dieselfde ding hê wat hulle *hier* onder gehad het, gaan dieselfde ding hê wat hulle *hier* gehad het, gaan dieselfde ding *hier* hê, gaan dieselfde ding *daar* hê. Maar dieselfde kerk wat *hier* was, was *hier*, en *hier*, en daar gaan sy uit in die saad aan die einde.'"

Verlaat daardie wynstok vandag, broer. Kom *hiernatoe*. Kom in terwyl dit dag genoem word. God het 'n weg gemaak vir jou. God het jou geseën.

253 Hier 'n tyd gelede het ek gelees oor ou blinde Bartimeüs. Hy was 'n ou man. Een aand het sy vrou siek geword. Hy het klein duifies gehad wat oormekaar getuimel het soos *hierdie*, wat die reisigers gelok het wat daar verbygegaan het. En soos hulle verbygegaan het sou hulle daarna kyk en hulle sou stop. Dan sou hulle vir blinde Bartimeüs 'n muntstuk gee, en dis hoe hy gelewe het; so het die storie gesê.

254 Toe het sy vrou eendag siek geword. Hy het uigestap. Hy was 'n gelowige. Hy het geglo God sal genees. Hy het geglo God was 'n werklikheid. Hy het gesê: "Here God, my arme vrou, die dokter kan niks meer vir haar doen nie. As U haar lewe sal spaar, sal ek môre hierdie tortelduiwe neem en hulle aan U offer as 'n offerande." Die moeilike ding, ons wil die opoffering maak van, wel, iets makliks. Sien? Dis nie 'n opoffering nie. Dis iets wat seermaak en sny, is wat 'n offerande is.

So die volgende—die volgende oggend was sy vrou gesond. Hy het die tortelduiwe gevat en hulle gaan offer.

255 Nie lank daarna nie, hulle sê hy het 'n blonde-kop dogtertjie gehad van omtrent agt jaar oud, hy het haar nog nooit in sy lewe gesien nie, hy was blind; sy het siek geword. So hy het uitgegaan daardie nag en gebid. Hy het gesê: "Here, as U my dogtertjie sal

genees en haar nie sal laat sterf nie, sal ek vir U gee my la- . . . ” Hy het ’n lam gehad. Deesdae word hulle—word hulle gelei deur ’n hond wat die blindes lei. Hulle het toe ’n lam gehad, wat die blindes gelei het. So hy het ’n lammetjie gehad wat hom na die poort toe gelei het, en dan sou hy stop en die lam vasmaak.

256 So hy het gesê: “As U my dogtertjie sal gesond maak en haar nie laat sterf nie, God, sal Ek môre vir U my lam gee.” Wel, die volgende oggend was sy dogtertjie gesond. God het haar genees. So hier gaan hy op.

257 Die storie sê dat Kajafas, die hoëpriester, opgestaan en gesê het . . . Hy was op pad na die offerandes toe. Hy het gesê: “Waarheen gaan jy, blinde Bartimeüs?”

Hy het gesê: “O hoëpriester, ek gaan om my lam te offer. Jehova God het gisteraand my dogter genees. Ek het vir Hom my lam belowe.”

258 “O,” het hy gesê: “blinde Bartimeüs, jy kan nie daardie lam offer nie.” Gesê: “Ek sal vir jou die geld gee om vir jou ’n lam by die verkopers te gaan koop,” en gesê: “bo by die—die hokke. Hulle sal vir jou ’n lam gee. Ek sal vir jou geld gee en dan koop jy ’n lam.”

Hy het gesê: “Ek het nooit vir God *’n* lam belowe nie. Ek het vir Hom *hierdie* lam belowe.” Dis reg: “*Hierdie* lam.”

Hy het gesê: “Blinde Bartimeüs, jy kan nie dit doen nie.”

Hy het gesê: “Maar hoëpriester, ek het vir God belowe ek sou.”

Hy het gesê: “Maar, blinde Bartimeüs, daardie lam is jou oë.”

Hy het gesê: “Goed, hoëpriester, maar God sal ’n lam voorsien vir blinde Bartimeüs se oë, as blinde Bartimeüs vir God sal gehoorsaam.”

259 Wel, omtrent ses maande later op ’n koue Novemberdag, het hy by die poort gesit, en bibber, geen lam om hom te lei nie, geen duiwe om toertjies te doen nie, geen geld om die steenkoolrekening te betaal nie, maar hy het vir God gehoorsaam. Voor jy jou kom kry het hulle ’n geraas in die straat hoor afkom. “Wat is dit?” Dis ’n gegil en gehuil, geskree. Daar’s altyd een of ander soort opgewondenheid waar God is. Gesê: “Wie is dit wat daar kom?” God het ’n Lam vir blinde Bartimeüs se oë voorsien. Hier kom die Lam.

260 En daardie Lam is voorsien vir elke geestelik-blinde man of fisies-blinde man hierbinne vanmiddag, en vrou. Die Lam is voorsien. Wil julle dit nie aanvaar nie, terwyl ons ons hoofde buig, as julle sal?

261 Ons Hemelse Vader, partykeer dink ek aan hoe . . . wat kan ons doen? Hoe kan hierdie dinge wees, dat U so goed is vir ons? Seën ons en help ons. Ons is onwaardig, en ek bid vir genade. En

vandag, terwyl ons weet dat daardie selfde voorsiende Lam wat vir Bartimeüs se oë was, hier is, gaan hier deur, Here. Maak elke geestelik-blinde oog oop, en laat hulle vandag sien dat U Kerk 'n Kerk is wat lewendig is met wonderwerke en tekens en wonders. Skenk dit, Here.

262 En mag baie mans en vroue wat nog nie gebore is en gevul is met die Heilige Gees nie, wat deur tradisie opsy gesit is, mag hulle nou nederig in hulle hart sê: "Here Jesus, ek aanvaar U nou as my Lam om my te lei. My oë was blind. Ek het nog nooit 'n ondervinding gehad om wedergebore te wees nie. Ek wil hê U moet my net nou die geboortereg gee. Ek wil hier uitgaan vanmiddag met 'n gelukkige, vry-gevoel hart om te weet dat my sondes weg is en om te weet dat ek gevul is met U Gees, om te weet dat tekens en wonders my lewe ook sal volg, dat U aan my sal verskyn in visioene en drome, en ek op straat kan uitgaan en vir U werk, en getuig, en U werk doen."

263 Gee dit vir elke man en vrou wat hier sit, God. Aanvaar hierdie paar woorde, God, so onbeplan en onbekend waarvan ek sou praat. Maar ek bid dat U hulle op 'n manier almal sal bymekaar maak op U Eie wonderlike, lieflike wyse, en hulle sal voorstel aan die harte van die mense. Gee dit, Vader, vir hulle bepaalde doel. U weet wat ek met hulle bedoel het.

En ek bid dat elke siek persoon wat hier sit vandag daardie kreet sal hoor van die Lam van God wat verbykom. "Wie was dit?"

Ons weet die ongelowige het gesê: "Bly stil."

Maar hy het dit al hoe harder geskree: "U, Seun van Dawid, wees genadig." Hy het 'n behoefte gehad. Hy het geweet God het die Lam voorsien.

Bid, God, mag nie een stilbly nie, maar mag hulle uitskree tot die Lam stop, sê: "Wat wil U hê moet Ek doen?"

"Here, dat ek my sig sal ontvang." Hy het sy oë aangeraak, en sig het in oë ingekom wat nie kon sien nie.

264 God, gee vandag dat die Heilige Gees elke hart vandag sal aanraak en elke oog, dat beide geestelike en fisiese sig herstel mag word. Gee dit, Here. Seën almal tesame. Wees genadig.

265 Een wonderlike dag, Here, ek weet nie wanneer nie. Eendag moet ek my laaste preek preek. Eendag moet hierdie mense hulle laaste preek hoor. Ons moet in U Teenwoordigheid staan. Ek sien daardie groot bome opkom. Ek sien hulle van Genesis af. En God, ek sien dit hier in hierdie dag.

266 Wat kan ek doen, Here? Wat kan ek doen? En ek—ek weet nie wat om te doen nie. My hart brand. My siel bloei. Ek sien mans en vroue wat uitgesmokkel is daar in duisternis. En ek weet nie wat om te doen nie, Vader. Om een ding te sê, sê hulle *hierdie*

daarteen, en ek *daardie* sê, en hulle sê iets anders. Maar God, ek gee dit nou oor aan U. Praat met elke hart. Skenk dit.

267 Terwyl ons ons hoofde gebuig het en ons oë gesluit, niemand moet asseblief kyk nie, maar laat net ek en die Here hierdie sien. Die klavier of die orrel soos dit saggies speel, ek wonder of daar iemand hierbinne is wat. . . ? Ek glo nie daar's 'n kop op wat ek sien nie. Ek wonder of iemand hier wil sê: "Broer Branham, eerlikwaar, voor God, weet ek dat ek nie die Heilige Gees ontvang het nie. Dit help nie ek probeer myself mislei nie. Ek weet ek het nie. Daar's geen sulke tekens wat my volg nie, en Jesus het gesê: 'Hierdie tekens sal,' en hulle volg nie. En ek weet ek's nie, dat ek nie die Heilige Gees ontvang het nie. Bid vir my, Broer Branham. As God jou gebed sal verhoor om die oë van die blindes oop te maak, die dowes te laat hoor, en die kreupeles sien wegstap, sal Hy tog sekerlik ook oor my hoor"?

268 Sal jy jou hand opsteek? Sê: "Bid vir my, Broer Branham." God seën jou, jou, jou, jou. O, goeiste. Hou net julle hoofde gebuig. Ek sien jou hand. Dertig, veertig, vyftig hande op.

269 O Christus, asseblief dierbare God, daar mag nog een tree tussen ons en die Ewigheid wees. Ons weet nie eers wat môre inhou nie, maar ek bid dat nou, net nou, terwyl U groot almag, die Teenwoordigheid van die gekruisigde Een, Wat hier wonderlik staan, en toekyk, sal seën, Ek bid dat U elkeen van hulle wat hulle hand opgesteek het, die doop van die Heilige Gees sal gee. Mag Hy hulle hart vul met sulke krag, dat ons 'n herhaling van die Pinksterseëning sal hê, soos wat daar geval het aan die begin.

270 Hulle is moeg en vermoeid, Here. Party van hulle is oud en grys. Die son sak, die aandster van die tyd kom uit. God, gee dat hulle die Heilige Gees sal ontvang.

271 Arme ou moeders en vaders wat aansukkel deur die lewe, miskien het hulle nog nooit vantevore 'n geleentheid gehad nie, maar ek bid dat U dit nou vir hulle sal gee; en mag die soete, lieflike Duif van God gaan sit in hulle hart, en hulle vul met die Gees van God, tot hulle lewens vol sal wees van krag, groot tekens en wonders sal uitbreek; en hierdie harde stad hier vergruis en gebreek sal word, en God se Teenwoordigheid in elke kerk sal inry; en 'n outydse herlewing sal wees wat oor die land sal versprei, die nuus daarvan, van hierdie stad af. Gee dit, Here.

272 Baie kon nie hulle hande hou nie. Miskien was hulle nie. . . hulle wou, maar hulle net, hulle oortuiging was nie sterk genoeg nie. God, ek bid dat U hulle ook sal seën. Gee vir hulle almal die Heilige Gees. Red dié wat ongered is. Genees die siekes, in die Naam van die Here Jesus Christus vra ons dit. Amen.

273 Sal julle maar julle hoof oplig. Dis vroeg. Ek gaan vir julle iets vra. Verskoon my rowwe manier van praat. Ek—ek ken geen ander manier nie, vriend. Die enigste manier wat ek weet om te doen, is net wat Hy vir my sê, dit sê ek—ek. En ek—ek's net

soort van 'n . . . Julle weet, ek doen net die beste wat ek kan. Julle is gewoond om na geleerdes te luister, afgeronde geleerdes wat hulle teks bymekaar kan hou. Ek het nie geweet wat ek gaan sê toe ek hier opgekom het nie. Ek moet dit net sê soos dit is, maar ek weet dis die waarheid, want dit kom van God af. Ek het dit nie op papier geskryf nie. En ek—ek is lief vir julle.

274 Ek het nie . . . skel julle nie om julle kwaad te maak vir my nie. Ek—ek doen dit vir julle teregwysing. Enige ware pappa sou sy kinders teregwys; hy sou beslis.

275 En ek het geweet julle het hier gesit, daar's vyftig of meer hande wat opgegaan het dat julle die doop van die Heilige Gees nodig het. Broer, suster, sonder dit sal julle so seker soos die wêreld vergaan. Moet dit nie mis nie. En kyk, my Bybel oor my hart, ek het opreg probeer wees.

276 Nou, daar mag baie dinge wees wat ek nie weet nie, maar ek ken Jesus Christus wel. Ek—ek ken uit die diepte van my hart. En eendag moet ek elkeen van julle by die Oordeelbank van Christus ontmoet. Ek moet daar staan. Dis reg. Ek moet rekenskap gaan gee vir wat ek sê en doen. So as ek verkeerd is, is dit opreg. Ek bedoel dit nie.

277 Maar, liewe Christenvriend, as jy nie die Heilige Gees het nie, wonder ek of jy Dit sal wil ontvang vanmiddag, deur na 'n altaar toe te kom en te bid. Ek wonder of jy graag hiernatoe wil kom, en as God deur Sy genade, as Hy gebed vir die siekes sal verhoor . . .

278 Ek kry net briewe en briewe van mense hier wat nie meer hulle gewasse het nie, en alles soos daardie gaan weg van die hulle af. Mense wat kreupel is van artritis; het selfs hier verbygekom, en gegaan, en ek het vir hulle gesê om hande op hulle vroue en mense te lê. Hulle het gesê: "Toe ek by die huis gekom het, my hand op my vrou gelê het, het sy uit die bed uit opgestaan. Dis alles verby. Sy voel goed." Verskillende dele; in hierdie klein handjievol mense. Sien, vriende, ek probeer julle die waarheid vertel, en God bevestig dat ek julle die waarheid vertel. Dis nie ek nie. Dis Hy. Dis Hy. Hy's die Een wat dit doen.

279 Nou, Hy's hier om net nou te genees. Hy weet alles van . . . Net nou, ek hoef nie te wag tot die nag kom nie. Ek weet Hy's net hier besig om nou te genees. Nou, ek weet—ek weet iemand . . . ek—ek . . . Die Heilige Gees is net nou op my, verander van prediking af, net nou, want baie van julle is hier vir genesing, en ek voel Dit reg rondom my beweeg net nou, die Engel van God Wie se foto dit op daardie papier is. Dis die waarheid.

280 Ek sien Dit nou reg bokant my hang net nou, reg *hier* buite hang. Dit beweeg reg . . . Dit lyk vir my net soos . . . O, ek wens ek kon hierdie verduidelik. Ek weet julle mag sê: "Broer Branham is 'n fanatikus." Wel, ek—ek—ek—ek's nie. Ek's—ek's nie 'n fanatikus nie. Ek's julle broer.

281 Dis 'n soldaatjie wat hier staan, die kêreltjie wat daar staan, daar sit, en bid. Ja. Jy wil . . . Jy is siek. Jy het genesing nodig, nie waar nie? Dis iets in jou oor, nie waar nie? Iet- . . . Ja, meneer, dis reg. Dit loop in jou oor, dit wil nie gesond word nie. Is dit nie reg nie? Sit jou hand bo-oor jou oor.

282 Here Jesus, ek bid dat U dit net nou van hom af sal wegneem en hom gesond sal maak. O God, arme kêreltjie, hierbuite besig om in die leër te dien; sy—sy ore is sleg. Miskien wou U hê hy moet vandag genees word. Dis hoekom U hierdie doen. Ek bid dat U dit net nou sal gee in Goddelike bevestiging: Jesus het, na die prediking, die siekes genees. Nou Here, bid ek as U dienskneg, ek vra vir genesing vir my broer in Jesus Christus' Naam. Amen.

God seën jou, my broer. Gaan nou stop. Jy gaan reg wees. God seën jou.

283 Wil enigiemand—enigiemand die Heilige Gees hê? Sal julle hiernatoe kom en net hier kom staan terwyl ons sing: *Amper Oortuig*. Sal julle dit doen? Sal jy vir ons, suster, die noot daarvoor gee? Terwyl die gehoor, sal julle hiernatoe kom? God seën julle. Hierdie is hulle.

"Amper oortuig" nou om te glo;
"Amper oortuig" Christus te ontvang;
O, dit lyk nou of een siel daar sê: "Gaan, Gees,
gaan U maar verby;
Op 'n meer gerieflike dag, sal ek U aanroep."

284 Nou, ons probeer julle nie wegneem van die Metodiste, van die Baptiste af nie. Ons probeer jou sover kry om die Heilige Gees te ontvang en terug te gaan na jou eie kerk toe (Sien?), gevul met God se seëninge. Julle pastoor sal dit waardeer. O, hy sal so bly wees jy het die Heilige Gees ontvang. Daar's meer hierbinne wat hier behoort te staan.

285 Wat as Jesus sou, net nou, julle sal uitroepe hoor, julle sou uitkyk, reënboë wat deur die lug flits, die son wat ondergaan, wat oorkant in die Weste hang en drup soos swart bloed; te laat dan.

286 As jy nie te seker is jy is gevul met die Heilige Gees nie, sal jy nie nou kom nie? Kom ons sing nog een keer, sal julle? Julle moeders en vaders het hierdie ou liedere jare gelede gesing. Sal julle nie nou kom terwyl ons sing nie?

"Amper oortuig," kom, kom vandag; (Ek het
geweet julle moet afkom.)
"Amper oortuig," moenie wegdraai nie;
"Amper" kan nie staan nie; "Amper" moet net
faal!
Droewig, droewig, daardie bitter uitroep:
"Amper—maar verlore!"

287 Terwyl die orrel speel . . . Daar's ander wat hier behoort te staan; nou, moenie vir my vertel nie, ek weet daar is. Ek voel

gelei om dit te sê. Reg hieronder in julle aangrensende stad een aand, het ek gelei gevoel om hierdie te doen, en weet julle wat het ek gedoen? Van die preekstoel afgeloop; 'n goeie jong Baptiste meisie, ek het gesê: "Die Here roep jou, suster, vanaand."

Sy het gesê: "As ek wou hê iemand moet vir my so-iets vertel, sou ek iemand kry wat 'n bietjie verstand gehad het, nie vir jou nie."

Gesê: "Goed, alles reg." Ek het gesê: "Die Heilige Gees het vir my gesê hierdie was jou dag, jou tyd."

288 Sy het haar neusie opgetrek, baie aantreklike meisie, weggeloop by die deur uit. Daar's 'n paar rankplante wat daarbuite groei, toe ek daardie aand uitkom, as sy my nie goed—goed uitgeskel het nie.

289 Omtrent twee jaar later, was ek in dieselfde stad, besig om in die pad af te gaan. Sy het uit 'n goeie familie gekom. Haar vader en moeder was albei Christene, het aan 'n goeie Baptiste kerk behoort.

290 Ek het in die straat begin afgaan, en ek het oorkant die straat gekyk, in 'n baie slegte buurt, en daar het daardie meisie gegaan, haar romp wat gehang het, verskriklik gelyk het. Ek het net in die straat begin afstap om seker te maak dit was sy. Sy het omgedraai, en sy het gesê: "Wel, hallo, prediker," erg gesleur.

Gesê: "Aangename kennis."

Gesê: "Jy's die ou wat my uitgeroep het daardie aand in die kerk, is jy nie?"

En ek het gesê: "Ja, dame."

"Ha." Sy het haar hand uitgesteek, haar beursie, en 'n sigaret aangesteek, gesê: "Rook gerus saam."

Ek het gesê: "Skaam jou."

Sy het gesê: "Miskien wil jy 'n drankie hê." Sy het haar bottel whisky uitgehaal.

Ek het gesê: "Die einste idee dat jy vir God se dienskneg so-iets soos dit sal aanbied."

291 Gesê: "Niks kan meer met my gebeur nie." Sy het bietjie aan haar sigaret getrek, dagga. Sy het gesê: "Onthou jy prediker, daardie aand wat jy vir my gesê het dat God my geroep het?" Sy . . .

Ek het gesê: "Ja, ek onthou dit beslis."

292 Sy het gesê: "As jy ooit die waarheid vertel het, was dit toe." Sy het gesê: "My hart was so hard van daardie einste aand af," nou, hier is die opmerking wat sy gemaak het, "Ek kan my ma se siel sien braai in die hel soos 'n pannekoek, en ek sal daaroor lag."

293 Omgedraai en daardie rook uitgeblaas en in die straat afgeloop, 'n prostituut, dronk, dwelmslaaf. Moenie vir God weier nie. Hy sal eenkeer vir die laaste keer klop. [Broer Branham klop op die preekstoel—Red.] Kom ons bid weer.

294 Here, ek weet nie hoekom ek dit gesê het nie, maar ek's . . . Ek het dit gesê, Vader, want ek het gevoel U wou hê ek moet. Nou, as daar enige hier is wat U nodig het, Vader, gee ek dit net oor aan U en bid dat U hulle na hierdie altaar toe sal stuur op hierdie tyd, sodat hulle U Gees kan ontvang. As hulle ongered is, red hulle, en as hulle onvoorbereid is om U te ontmoet; sonder die Heilige Gees, bid ek dat U vir hulle die Heilige Gees sal gee vanaand nog, in Jesus' Naam. Amen.

295 Nou, terwyl ons net 'n oomblik wag, sal jy dit weer vir ons speel, suster? Speel dit net deur. Wees net eerbiedig. As jy voel God wil hê jy moet kom; kom, staan by ons.

296 Terwyl ons dit doen, hoeveel predikers is hierbinne wat glo dat die doop van die Heilige Gees vir die gelowige is vandag? Steek jou hand op. Predikers van die Evangelie, sal julle almal hier reg rondom loop saam met hierdie mense?

297 Nou, aan julle gelowiges wat hier staan en graag die doop van die Heilige Gees wil hê, ek's baie dankbaar vir julle. Ek's dankbaar dat watter klein bedieninkie die Here my hier gegee het, effektief was, en julle dit geglo het. God sal julle sekerlik daarvoor seën. As 'n nederige dienskneg, het ek alles gedoen wat ek weet hoe, om my Here te verteenwoordig, en ek sê vir julle in die Naam van Christus Jesus, Hy staan nou net hier. En Hy sal—Hy sal elkeen van julle die doop van die Heilige Gees gee.

298 Nou, die ding wat julle moet doen . . . Dis 'n Gawe. Dit is nie van geloof nie. Dis 'n Gawe. Dit kom nie . . . Jy sê: "Wel, ek glo ek het Dit." Dit werk nie. Dis nie dit nie. Dis 'n Gawe, onverdienstelike Gawe. God gee Dit net vir jou, nie omdat jy dit geglo het nie, omdat God Dit vir jou gee. Maar julle het Hom Daarvoor kom vra. En hy wat . . . "Salig is hulle wat honger en dors na geregtigheid, want hulle sal gevul word." God sal vir julle die Heilige Gees gee.

299 Ek wil hê julle, moet julle hart oopmaak en sê: "Dierbare Vader, ek's 'n gelowige. Ek's U kind, en ek—ek wil nou hê die Heilige Gees moet in my hart inkom. Ek lê die hele wêreld op die altaar. Ek lê alles op die altaar."

300 Nou, terwyl julle hier staan, baie van julle wat huil, die trane wat teen julle wange afloop. Dis die Heilige Gees. Dis Hy op julle net nou, wat net julle lewe wil vul. As die gehoor daaragter net hierdie toneel kon sien wat hier staan, jong dames, jong mans, bejaarde mense; die trane wat net teen hulle wange afloop. Die Heilige Gees het oorbeweeg. Hier's die Engel van die Here wat net *hier* staan. Dit is nie—is nie vyf voet bokant hulle kop nou nie, die einste Engel wat julle op die foto sien, wat hier reg bokant

hulle staan net nou (Dis reg.), net gereed om Homself in elke gelowige uit te stort.

301 Nou, dis net. . . Glo julle dit net. Vra Hom en aanvaar Dit net. Sê: "Here, ek glo U," en dan sal jy weet wanneer Hy kom. Jy sal die Gees van God in jou hart voel instort. Dan wanneer jy dit voel, steek jou hande op en dank Hom daarvoor. Sê: "Dank U, Here Jesus. Ek's so dankbaar dat U vir my die doop van die Heilige Gees gegee het," jy sal die krag van God deur jou liggaam voel vloei. Jy sal 'n ander mens wees van daardie tyd af.

302 Nou, laat elke persoon hierbinne julle hoof buig, as julle sal. Nou, julle predikers wat hier rondom hierdie mense staan, loop na hulle toe, lê julle hande op hulle. Die Bybel het gesê hulle het hande op hulle gelê. Elkeen van julle lê nou jou hand op die gelowige. Dis wat ons veronderstel is om te doen. Lê jou hand—jou hand op hulle wat die doop van die Heilige Gees wil hê. [Leë kol op band—Red.] Die Heilige Gees wat in haar hart inkom. Nou, lê jou hand op die gelowiges en vra hulle nou om te ontvang.

Nou, julle mense daarbuite wees baie opreg. Goed, kom ons bid nou, almal. Almal van julle bid. Bid julle eie gebed.

303 Nou, Vader, terwyl ek bid, in die wete dat hierdie einste uur dat miljoene gebede van regoor die wêreld U ore bereik. U hoor elkeen van hulle. Daar's geen manier dat U nie elkeen van hulle hoor nie. En nou, Here, hierdie dierbare, arme kinders wat opkom, ek bid vir genade vir hulle. O Ewige God, stuur U seëninge, en mag die Heilige Gees, wat nou reg oor hierdie mense hang, mag Hy nou reg op hulle val.

304 Mag elke hart Hom ontvang, en mag die heerlikheid en krag van die herrese Jesus Christus net nou op hulle kom. Mag groot tekens en wonders hulle lewe volg, en mag hulle hulle eie gedagtes verloor en na U toe draai net nou, sonder om om te gee wat die gehoor sê, sonder om om te gee wat enigiemand anders dink, waar in die wete wat U vereis.

305 "Julle sal krag ontvang nadat die Heilige Gees op julle gekom het." En mag die krag van die Heilige Gees nou op elkeen van hulle val, soos hierdie predikers hande op hulle lê. En mag die Heilige Gees hulle volg in tekens en wonders. Mag daar groot werke gedoen word en mag hierdie byeenkomsie vanmiddag uitbreek in 'n outydse Heilige Gees diens. Gee dit, Here.

306 Nou, Satan, jy het jou gesag verloor. Jy het jou krag verloor. En die Heilige Gees is hier om oor te neem en hierdie mense te seën en hulle te vul met God se goedheid.

Ek vra vir die Heilige Gees om die voorrang in die hart te neem, in Jesus Christus' Naam.

307 Nou, hou net julle hande op. Hou aan om God te prys. Hou aan om Hom te prys en te loof, elkeen van julle, dank Hom net. Sê: "Dank U, Here, Dank U, Here, vir die. . . "

Die Geloof Wat Eenmaal Aan
Die Heiliges Oorgelewer Is AFR53-1129A
(The Faith That Was Once Delivered To The Saints)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagmiddag, 29 November 1953, by die Amerikaanse Legioen Saal in West Palm Beach, Florida, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2021 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org